Geregistreer aan die H.P.K. as 'n Nuusblad.

# Die O.B.

Jrg. 5. Kaapstad, Woensdag, 23 Oktober 1946 Nr. 48.

# GEEN SAMEWERKING: NET STEMME, SÊ DR. MALAN

*Dr. D. F. Malan het verlede Dinsdag in Pretoria voor sy partykongres die feit erken dat die groepe buite sy party nodig is vir 'n oorwinning by 'n komende verkiesing, maar terselfdertyd sy weiering uitgespreek om enigiets met die groepe self te doen te hê, behalwe hul lede uit te nooi om vir sy kandidate te stem.*

Dr. Malan het in dieselfde toespraak beklemtoon dat dit miskien die laaste kans van blanke Suid-Afrika kan wees om homself te red. Nogtans is 'n voorstel aangeneem wat samewerking met nasionaalgesinde groepe afkeur omdat dit tot skade van die party kan wees.

Dr. Malan het sy toespraak in 'n gees van tegemoetkoming begin deur te verklaar dat die hulp van „die ander groepe, wat ons graag by ons wil hê" nodig is, en dat wat die Ossewabrandwag en die Nuwe Orde betref, daar verskil bestaan oor die staatstelsel maar dat hulle „vir die res volkome met ons ooreenstem."

Hy het almal uitgenooi om saam te werk vir die redding van Suid-Afrika en daarop ingegaan op die vraag hoe daardie samewerking bewerkstellig moet word. „Samewerking soos met die Arbeidersparty (van 1924) is buite die kwessie," het dr. Malan gesê sonder om, volgens verslag in sy pers, te verduidelik waarom dit buite die kwessie is.

## AFRIKANERPARTY

Wat die Afrikanerparty betref, sien spr. geen beginselverskille nie en „Die Nasionale Party en Afrikanerparty kan nie alleen saamwerk nie, maar daar is ook geen rede waarom hulle nie ten volle eenwording kan verkry nie". Spr. het ook geen beswaar om met mnr. Havenga en sy party samesprekings te voer nie.

Wat die ander groepe betref het die Ossewabrandwag en Nuwe Orde belangrike beginselverskille met die H.N.P. Die samewerking wat spr. met hulle aanbied is: „Ons wil die gevare wat dreig afwend. Ons het die kans om dit te doen by die volgende verkiesing — moontlik die laaste kans van blanke Suid-Afrika. Ons wil 'n oplossing van die volk vra oor die een groot saak, naamlik die oplossing van die kleurvraagstuk. **Ons vra elke Nasionaalvoelende Afrikaner of hy O.B. is of Nuwe Orde of Afrikanerparty of Sap — hulle kan dit bly as hulle wil — om by die stembus te vra watter party Suid-Afrika as 'n witmansland wil behou en vir daardie party te stem.**"

Dr. Malan se aanbod aan die O.B. vir samewerking bly dus onveranderd: **Hy gaan nie met die organisasie as sodanig saamwerk nie, maar hy gaan net die stem van die O.B.-lid vra soos hy ook die stem van die Sap vra en** — kan ons daaraan toevoeg — soos hy en alle ander partye ook maar die stem vra van enige kieser ongeag aan watter party of ras hy behoort.

Mnr. Tom Naudé van Pietersburg het gepleit dat daar 'n reëling met die groepe verkry moet word. **Mnr. J. G. Strydom, mede-leier van die party in Transvaal, het egter in 'n toespraak gesê: „'n Ooreenkoms met die O.B. is buite die kwessie omdat daar diepgaande beginselverskille bestaan. Die O.B. stel hom ten doel die vernietiging van die partystelsel en daaraan kan die Nasionale Party nie meedoen nie. Vir almal wat S.A. wil red is daar net een weg oop, nl. die Nasionale Party te steun en vir sy kandidate te stem."**

Nadat die kongres 'n voorstel van mnr. Naudé aangeneem het waarin „die hulp en ondersteuning van alle goedgesinde Afrikaners verwelkom" word, is die volgende voorstel van mnr. J. E. Potgieter met veertien teenstemme aangeneem:

„ . . . dat terwyl ons almal, wat ons grondslag kan en wil onderskryf, hartlik uitnooi om hul lot met ons in te werp en ons te steun, spreek die kongres weereens die mening uit dat ooreenkomste nie aangegaan kan word met ander organisasies wie se grondslag hemelsbreed van ons verskil nie, **en wat as doel het nie alleen om ons party te vernietig nie, maar ook ons hele grondslag.**"

## O.B.-STANDPUNT

Waar dr. Malan sowel as mnr. J. G. Strydom enige ooreenkoms of reëling met die O.B. so beslis van die hand wys, is dit nodig om weer uit die K.G. se verklaring van 26 Junie l.l. aan te haal ten einde die O.B. se standpunt weer te gee:

„By die komende verkiesing is die O.B. weer bereid om sy heelhartige steun toe te sê aan 'n gesamentlike Afrikanerfront teen die magte van die Empire: 'n front waarin alle bereidwillige Afrikanerkragte en organisasies welkom is, sonder dat hulle hul identiteit prysgee. **'n Blote partyfront wat net die lede van die een of ander party behels en alle ander partye of organisasies misken en hul lede bloot as stemvee duld . . . so-iets is geen samewerking nie; dit is 'n gewone partymaneuwer wat teen mede-Afrikaners net soseer gemik is as teen die vyand.**"

# HUL STANDPUNT

Wat is presies die H.N.P.-leiding se standpunt ten opsigte van samewerking? Die antwoord op hierdie vraag word treffend gegee deur die opskrifte van twee groot berigte oor die kongres in Die Transvaler van 16 Oktober op een en dieselfde bladsy langs mekaar. Die een berig lui:

„BONDGENOOTSKAP MET ANDER NASIONAALVOELENDES — DR. MALAN SIT AARD DAARVAN UITEEN."

Die ander lui:

„H.N.P. TROTS OP SY STANDPUNT — OOREENKOMS MET O.B. ONMOONTLIK — ALMAL EGTER IN PARTY WELKOM".

## Mnr. Tom Naude Se Pleidooi

Mnr. Tom Naudé het op die kongres daarop gewys dat die H.N.P. met sy eie ondersteuning nooit aan bewind sal kom nie en dat dit hopeloos is om te verwag dat die ander nasionale groepe op mnr. Strydom se uitnodiging om by die party aan te sluit sal reageer tensy 'n simpatieker houding teenoor hulle ingeneem word.

Aangesien die O.B. as voorwaarde vir samewerking gestel het dat die H.N.P. ook 'n ooreenkoms met die Afrikanerparty moet sluit, wou mnr. Naudé weet watter stappe dr. Malan gedoen het om die samewerking van mnr. Havenga te verkry. Hy het sy eie setel vir mnr. Havenga aangebied indien 'n setel die moeilikheid sou wees.

„Waar sulke groot sake op die spel is soos kommunisme en die kleurvraagstuk, sal die volk met ons party afreken as ons nie ons plig doen om samewerking te verseker nie," het mnr. Naudé beklemtoon. Die gehoor was baie simpatiek teenoor mnr. Naudé se standpunt.

Dr. Malan het laat deurskemer dat hy wel al met mnr. Havenga onderhandel het. Na Die O.B. verneem was dr. Malan bereid om met mnr. Havenga ooreen te kom mits hy sy vorige standpunt dat die deur ook vir die O.B. en ander nasionaalgesindes oop staan, sal laat vaar. In die verlede het mnr. Havenga egter nog steeds geweier om 'n ooreenkoms aan te gaan met uitsluiting van ander nasionaalgesindes, en by name die O.B.

## WAAR DIE VONNISSE UITGEDIEN WORD

Die Duitse leiers wat tot gevangenisstraf veroordeel is, sal hul vonnise in Spandau, in die Britse besettingsgebied van Duitsland, uitdien. Die ongeveer 600 gevangenes wat tans in die tronk is, sal verwyder word en die tronk sal onder beheer van Duitsers geplaas word.

# „Gekom om te Bly"



**Na afloop van die plegtigheid by die Kruger-standbeeld op 10 Oktober in Pretoria, is die Brandwagte deur die K.G., dr. J. F. J. van Rensburg, vanaf die trappe van die stadshuis toegespreek. Op die foto is die K.G. aan die woord. Onder andere kan op die foto gesien word (agterste ry, van l. na r.) hfkomdt. P. W. Buys, genl. adv. J. F. Marais, die K.G., mev. dr. Van Rensburg, genl. prof. G. Cronjé. In die voorste ry staan boerejeugkomdt. P. J. Taljaard en waghfkomdt. Danhauser.**

# HET JODE HUL WRAAK IN NEURENBERG GAAN KOEL?

Twee insidente in die slottoneel van die Neurenbergse wraakpleging het in die Geallieerde beriggewing laat deurskemer dat die sogenaamde teregstellings inderdaad 'n Joodse wraakfees was.

Soos bekend het die manne met die uiterste dapperheid gesterf. Nogtans het Sapa-Reuter berig dat twee van die manne aanvanklik geweier het om hulle gevanklik oor te gee vir geleiding na die galg. Volgens berig het Sauckel geweier om aan te trek en so hard soos hy kon geskreeu: „Ek het agting vir die Amerikaanse soldaat, maar nie vir die Amerikaanse Jood nie!"

En van Streicher is berig dat toe hulle hom wou boei, hy „so 'n dreigende houding ingeneem het" dat die kolonel tussenbei moes tree. Op die skavot het hy uitgeroep: „Die Hamansfees van 1946 — die Jode vier fees!"

Hierdie flenters van berigte dui op een ding, en dit is dat die Duitse leiers aan Jode uitgelewer is om opgehang te word. Daarom het Sauckel met verontwaardiging uitgeroep dat hy die Amerikaanse soldaat respekteer, maar nie die Amerikaanse Jood nie, en daarom het Streicher, bekend vir sy anti-Joodse gevoelens, „'n dreigende houding" ingeneem.

Indien dit so is, is die bewys gelewer dat Neurenberg 'n wraakfees van die Jodedom was en dan het die deursigtige mantel van veronderstelde geregtigheid op die laaste oomblik afgeval. En as die Geallieerdes gemeen het om hiermee 'n diens aan die Jode te bewys, sal die reeds vervolgde Jode in die nabye toekoms rede hê om dit as 'n verskriklike ondiens te beskou. Dit is hierdie soort kortsigtigheid wat die onderlinge haat in die wêreld tot vernietigende hoogtes aanblaas.

## Geskenk aan Vreemde

**Genl. Smuts het verlede week tydens sy besoek aan Engeland 'n geskenk van £1,000,000 aan die Britse eerste minister namens Suid-Afrika oorhandig.**

**Die Duitse leiers wat verlede week met instemming van genl. Smuts opgehang is, het ook jaarliks 'n beroep op hul volk gedoen, soos genl. Smuts, om groot bedrae vir 'n geskenk. Anders as genl. Smuts wat die so verkrygde geld aan 'n vreemde staat se eerste minister gaan oorhandig, het die Duitse leiers, wat self in die strate gekollekteer het, die geld aan die armes van hul vaderland oorhandig.**

ONDERWYSERS KRY VERHOGING: Die nuwe salarisskale vir onderwysers, wat hopelik eerlang in werking sal tree, maak voorsiening vir 'n eindsalaris van tussen £110 en £190 per jaar meer as die huidige. Aanvangsalarisse sal van £30 tot £70 meer wees as voorheen. Hierdie skale sal, na samesprekings tussen die verskillende departemente, geldig wees vir al vier die provinsies.

# BOEREGROOTMOEDIGHEID vs. BRITSE „GEREGTIGHEID”

## Treffende Teenstellings In Agressie-verhore

*Van Britse kant word die Afrikanervolk beskuldig dat hy Duitspartydig is omdat hy so'n sterk afkeer van die Neurenbergse wraak-episode geopenbaar het. Ons plaas hieronder twee uitstaande voorbeelde uit ons geskiedenis om te toon wat die Boer se opvatting van Christelikheid en grootmoedigheid is en dat ons huidige houding ten opsigte van Neurenberg geensins afwyk van ons tradisionele opvattings nie — net met die verskil dat ons volk in die verlede sy grootmoedigheid geopenbaar het teenoor VYANDE wat sy land kom roof het, en sy simpatie vandag bewys teenoor die leiers van 'n vriendskaplike volk wat hom nog nooit enige leed aangedoen het nie.*

Die gevalle wat ons noem, is die agressie, 6,000 myl van hul landsgrense deur sir Starr Jameson wat hom skuldig gemaak het aan „sameswering” en „misdade teen die vrede”, en lord Methuen, wat hom volgens die Neurenbergse regstelsel skuldig gemaak het aan „misdade teen die mensheid” en „oorlogsmisdade” deur die afbranding van huise, die vernietiging van voedsel en vee en die deportasie en verhongering van vroue en kinders in konsentrasiekampe.

Nadat die Britse oorlogsmisdadiger Jameson en sy trawante wat deelgeneem het aan 'n sameswering teen die Republiek deur die Transvaalse burgers in die omgewing van Johannesburg gevange geneem is, het die offisiere van die Boeremagte daarop aangedring dat die Republikeinse owerheid die oorlogsmisdadigers moet verhoor — waartoe hulle volkome geregtig was. **Dit was egter pres. Paul Kruger wat as advokaat vir hierdie misdadigers opgetree het en gepleit het dat hulle aan hul eie regering oorhandig moet word. „Pres. Kruger het vier volle ure op hierdie dag nodig gehad om die kommandante van Pretoria wat deur die Uitvoerende Raad uitgenooi was, te oorreed om hul goedkeuring aan die besluit van die regering te heg om Jameson en sy trawante aan die Britse regering uit te lewer en deur hulle tereggestel te word . . . . Die Britse verteenwoordiger was so deur hierdie edelmoedigheid getref dat hy die volgende môre na Johannesburg vertrek het om die oproermakers te beweeg om hul wapens neer te lê.”** (Gedenkboek van den Oorlog in Zuid-Afrika, p. 46.)

### NEUTRALE REGTER

Die verhoor van die 63 persone wat hierna in Johannesburg gearresteer is, het met groot onpartydigheid en regverdigheid gepaard gegaan en nooit sal die geskiedenis die Boerevolk kan verwyt dat dit 'n onregverdige verhoor was nie. Die regter is met groot sorg gekies. Die hoofregter van die Transvaalse regbank, Kotze en sy mederegters Jorrison en Ameshoff was sedert die begin van die saak daarin betrokke sodat die President hulle moes **uitsluit** uit vrees vir die beskuldiging van partydigheid. **Jongere regters het hy nie durf benoem nie, uit vrees dat hulle hul te veel sou laat lei deur 'n verklaarbare gevoel van verontwaardiging.** „Gelukkig was daar iemand wat in elke opsig vir die saak geskik was, nl. die heer Reinhold Gregorowski. **Hy was 'n Engelse advokaat en staatsprokureur van die Oranje Vrystaat.** In heel Suid-Afrika het hy bekend gestaan as 'n opgevoede man sodat die verdagmaking dat hy na die bloed van die uitlanders sou dors, nie alleen ongerymd maar ook laag genoem moes word.” (Gedenkboek, p. 47.)

### DOODVONNIS VERSAG

Vier van hierdie belhamels, wat in die taal van Neurenberg verantwoordelik was vir „sameswering, en deelgeneem het aan 'n sameswering ten einde misdrywe teen die vrede te pleeg” en „deelgeneem het aan beplanning van agressieoorloë” is tot die dood veroordeel terwyl die ander medepligtiges beboet is. **Die Uitvoerende Raad van die Zuid-Afrikaanse Republiek het egter besluit om nie die doodvonnisse te voltrek nie, maar om die Britse oorlogsmisdadigers wat die vrede van die Republiek verstoor het, te begenadig. Hulle vonnisse is later nog verder versag deur hulle te ontslaan nadat hulle elkeen 'n boete betaal het.**

**Die oorlogsmisdadiger, sir Starr Jameson wat aan 'n Britse hof uitgelewer is, het vir die misdaad waarvoor die Duitse leiers die galgdood moes sterf, slegs vyftien maande tronkstraf ontvang wat hy nie eers uitgedien het nie.**

### KROONPRINS SE GEDRAG

Die Sir Graham Bower-dokument oor die Jameson-inval wat aan die begin van hierdie jaar openbaar gemaak is, toon onweerlegbaar aan dat die Britse minister Chamberlain betrokke was in die sameswering en sy daadwerklike steun aan die agressie verleen het, en dat dit 'n produk van sy duiwelse brein was.

**Opvallend genoeg was dat die destydse Britse troonopvolger, Eduard VII, in die openbaar tydens die ondersoek na die oorlogsmisdadigers deur 'n kommissie in Brittanje opgestaan en die hand van Jameson se medepligtige, Cecil Rhodes, geskud het en skaamteloos genoeg was om sy instemming met die agressiedaad van 'n Britse onderdaan teen die S.A.R. also te betoon.**

### LORD METHUEN

'n Treffende voorbeeld van Boeeridderlikheid teenoor een van sy felste vyande, lord Methuen, wat verantwoordelik was vir „misdade teen die mensheid en oorlogsmisdade”, die verplasing en deportasie van burgerlike persone, roekelose vernieling en verwoesting van vee, boerewonings, voedsel, en die stuur van vroue en kinders na konsentrasiekampe, word weerspieël uit die behandeling wat Methuen geniet het nadat hy deur genl. De la Rey in Wes-Transvaal gevange geneem is.

„Met die grootste sorg het genl. De la Rey die gewonde Engelse generaal behandel en mev. **De la Rey wat toevallig in die buurt was as gevolg van haar voortvlugting van die Britse Lord, het 'n vet hoender geslag en dit persoonlik na die Britse generaal geneem. „En die Lord was die man wat haar huis afgebrand het en haar gedwing het om in die woeste rond te swerf.”** (Gedenkboek van den Oorlog in Zuid-Afrika, p. 485.)

### TERUG

In dieselfde werk vervolg die geskiedskrywer: „Daar was baie mense onder die burgers van De la Rey wat wou hê dat Methuen as gyselaar gehou moes word en nie soos die ander krygsgevangenes vrygelaat moes word nie . . . **Maar die Christenhart van De la Rey het hom verset teen sulke optrede. Hy het die krygsraad saamgeroep en aan hulle meegedeel dat hoewel dit sy plig is om 'n offisier aan te hou, die menslikheid eis dat mens 'n gewonde krygsman in staat stel om na sy eie leër terug te keer, omdat die Boere-ambulans steeds moes voortvlug. Daar was boere wat die grootmoedigheid van genl. De la Rey nie begryp het nie, maar almal het die besluit van De la Rey eerbiedig. Lord Methuen het sy kamp veilig in Klerksdorp bereik en het na sy voorlopige herstel na Engeland teruggekeer.**”

Hierdie oorlogsmisdadiger wat verantwoordelik was vir die dood en ellende van honderde vroue en onskuldige kinders, wat weerlose vroue uit hul huise in wind en weer gedryf het en verantwoordelik was vir die afbrand van huise en aanvoerder was van 'n afdeling troepe wat besig was met 'n agressiewe oorlog teen 'n klein Boererepubliek wat hy van sy vryheid en bestaan wou beroof, is deur die groot Boeregeneraal in vryheid gestel toe hy geleentheid gehad het om die „oorlogsmisdade en misdade teen die mensheid” op die dader te wreek!

Watter teenstelling vorm dit met die Neurenbergse wraaggereg!

**GEEN KLEURLYN:** 'n Atletiek-byeenkoms waar swart en wit saam sou meegeding het, het verlede week op Alice plaasgevind waar studente van die Rhodes-Universiteitskollege meegeding het met studente van Fort Hare, die Suid-Afrikaanse naturelle-kollege. Rhodes het met die byeenkoms gewen.

# Bang om Waarheid Te Openbaar

## Rusland Behou Sy Buit

**'n Byvoegsel tot die Duits-Russiese nie-aanvalsverdrag van 1939 waarin vermeld word dat Pole tussen Rusland en Duitsland verdeel sal word volgens 'n bepaalde verhouding wat in die verdrag genoem word, is so pas in Duitsland ontdek.**

Toe daar verlede week in die Britse laerhuis na hierdie waardevolle dokument waarin beplande Russiese agressie geboekstaaf is, verwys en daar gevra is of hierdie dokument gepubliseer sal word, het maj. C. P. Mathew, onder-minister van buitelande sake geantwoord dat dit 'n moeilike probleem skep en dat hy dit nie gerade ag om die dokument nou te publiseer nie.

Hy is egter ontnugter deur prof. D. Savory, 'n lid van die Konserwatiewe Party wat verklaar het dat hy reeds in besit is van die proewe van hierdie publikasie, en o.a. daarop gewys dat Pole al langs die Nareth-Vistula en die Sam-lyn verdeel sou word.

Terwille van Pole moes elf Duitse leiers verlede week met hul lewens boet. Dit was egter die voorreg van die Russe wat nog met hulle deel van Pole sit, om Duitsers na die galgdood te stuur.

## Gesamentlike Viering Van Heldedag

VRYBURG. — Vryburg se Skakelkomitee het daarin geslaag om sedert jare vir die eerste keer 'n verteenwoordigende byeenkoms van alle bewuste Afrikaners van die dorp vir 'n stemmige kranslegging by die konsentrasiekampkerkhof te reël. Kranse is gelê deur privaat persone, die hoëren laerskool, die Voortrekkers, Jeugbond, munisipaliteit, A.C.V.V., Noodhulpliga, Helpmekaar, R.D.B., die drie Afrikaanse Kerke, die Ossewabrandwag, die Herenigde Nasionale Party en die Nuwe Orde.

Ds. Liebenberg van die N.G. Gemeente te Vryburg het die verrigtinge met Skriflesing en gebed geopen en weereens het Tant Ria Oberholzer se dapper koortjie hom met goed en minder bekende Afrikaanse liedere laat geld. Ds. Theron van Schweizer-Reneke het hom in 'n baie deeglik uitgewerkte toespraak by die Boeregesin as kultuurvormer en -draer bepaal en geskets hoe dit, deur omstandighede en isolasie gunstig beïnvloed, tot die stoere, patriargale eenheid van die familie met sy wyer vertakkings ontwikkel het. Hy het aangetoon waar die volkskaraktertrekke soos selfstandigheid, durf en ondernemingsgees aan die een kant, en rotsvaste konservatisme, volharding en verantwoordelikheidsgevoel aan die anderkant hul oorsprong het en daarop gewys dat hierdie eienskappe, gepaard met nasietrots en natuurlike gesagserkenning, die ideale grondslag vir 'n gedissiplineerde volkslewe vorm. „Ook in die alledaagse lewe vind ons verborge heldedom”, het hy geeindig, „en ons het al ons kragte nodig om ons moderne lewe steeds by ons tradisies konsekwent aan te pas. Hier lê ons taak!”

## Nog 'n Verklaring Oor Rantsoene

Die Direktoraat van Voedselvoorsiening het 'n gedeeltelike rantsoeneringskema ontwerp wat gegrond is op die registrasie van verbruikers dwarsdeur die Unie. Die mening is uitgespreek dat slegs suiker gerantsoeneer sal word. In die nege stedelike gebiede sal 'n rantsoeneerboek gebruik word, terwyl in die plattelandse distrikte rantsoenkaartjies gebruik sal word. Planne vir rantsoenering word sedert Mei van hierdie jaar opgestel.

In die landelike distrikte sal die handelaars gevra word om hul klante te registreer. Hierdie lys sal deur die Voedseldireksie nagesien word sodat seker gemaak kan word dat niemand hom dubbeld laat registreer het nie. Elke handelaar sal 'n rantsoenkaartjie vir elke klant ontvang.

Op een stadium is verklaar dat rantsoenering op 1 Aug. in werking sal tree. Kort gelede is egter verklaar dat rantsoenering nie meer nodig is nie weens die gunstige voedselposisie.

### HITLER SOU NOG LEEF

Die mening dat die Duitse Führer, Adolf Hitler, nog leef, is uitgespreek deur kol. William Heimlich van die Amerikaanse inligtingsdiens wat lid was van die kommissie wat ondersoek ingestel het na die moontlikheid of Hitler nog leef. „Eerlikwaar, ek dink werklik nie dat hy dood is nie,” het hy verklaar, en daaraan toegevoeg dat niemand tot dusver kon bevestig dat hy die lyk van Hitler gesien het nie.

**NUWE PARTY IN DUITSLAND:** Nog 'n party het die lig in Duitsland gesien. Dit is die Vrye Konserwatiewe Demokratiese Party wat hom ten doel stel om die monargie weer te laat herleef. Hulle het by die Geallieerde owerheid aansoek gedoen om erkenning.

WARE KUNSWERKE

**PRAGTIGE KERSFEESKAARTJIES**

**4 Verskillende Ontwerpe met O.B.-Wapen**

**PRYS KONTANT: 4/6 per dosyn, met koeverte.**

**Bestel dadelik by: BOEREJEUG-HOOFKWARTIER Meyergebou 9, Potchefstroom.**

# Besieling Gaan Uit van Skavot

## „Hoe Hul Gesterf Het" As Duitse Refrein

**Vasberade soos hul lewenswandel en tot in die poorte van die dood getrou aan die Duitse volk en vaderland het die tien „veroordeelde" Duitse leiers die galgdood in die groue ure van die oggend van 16 Oktober in die Neurenbergse tronk gesterf.**

Tot bittere teleurstelling van die wraaknemers het hul vernaamste prooi, Hermann Göring, hul op die laaste oomblik ontglip deur 'n buisie gif te sluk. Daar word geraai oor hoe hy ten spyte van die „volmaakte" bewaring daarin geslaag het om die gif te bekom. **Daar bestaan 'n vermoede dat dit deur middel van offisiere**



ALFRED JODL.

**van die Amerikaanse leër verkry kon gewees het, aangesien dit bekend is dat Amerikaanse offisiere die verhoor en veroordeling van Duitse leërhoofde, van wie veldm. Göring een was, sterk afgekeur het. Daar is verklaar dat indien Göring doodgeskiet in plaas van opgehang sou word, hy nie sy eie lewe sou geneem het nie.**

**..'n Ander vermoede is dat Göring die gifbuisie onder die vel van sy maag versteek het.**

**'n Britse veldmaarskalk, lord Birdwood, 'n voormalige opperbevelhebber in Indië en hoof van die Australiese en Nu-Seelandse leërs in die vorige oorlog, het sy blydskap uitgespreek oor Göring se ontwyking van die galg. „GÖRING WAS 'N MAN VAN ONTWYFELBARE BEKWAAMHEID. EK VOEL GLAD NIE JAMMER DAT HY DIE LAKSMAN ONTDUIK HET NIE," HET HY GESÊ.**

### LAASTE WOORDE

Sonder om te wankel het die orige tien leiers elk die twaalf trappies na die galg bestyg en gesterf met 'n seënbede oor die Duitse volk.

Joachim von Ribbentrop se laaste woorde was: „God behoed Duitsland. My laaste wens is dat Duitsland weer sy eenheid moet vind, dat daar 'n bondgenootskap tussen die Ooste en die Weste tot stand moet kom en dat die vrede op die aarde moet heers."

Onderwyl Wilhelm Keitel in sy laaste oomblikke geboei is, het hy God gebid om Duitsland te beskerm. Hy het die priester daarna bedank.

..Ek het my land en volk liefgehad", het Ernst Kaltenbrunner verklaar. „In moeilike omstandighede het ek my plig teenoor my land gedoen en het geen aandeel gehad in die misdade waarvan ek beskuldig is nie."

Hans Frank het gesê: „Dankie vir die goedheid wat julle aan my bewys het gedurende my gevangeskap. Mag God julle in sy heilige sorg neem." Hy het sag gebid onderwyl die laksmanne sy voete vasgemaak het.

Wilhelm Frick het uitgeroep: „Lank lewe Duitsland".

Julius Streicher het uitgeroep: „Ek gaan nou na God. Die Hamansfees van 1946 — die Jode vier fees. En nou na God. Die Bolsjewiste sal julle ook nog eendag ophang." Nadat die kleed oor sy hoof geplaas is het hy gesê: „Adele, my liewe vrou".

Fritz Saukel: „Mag God Duitsland en my gesin beskerm."

**Alfred Jodl: „Ek groet jou, my Duitsland!"**

Alfred Rosenberg het geswyg.

**Aanvanklik is berig dat die lyke van die manne in die see gegooi sou word, maar later is berig dat dit verbrand en die as na die winde gestrooi is.**

### DUITSE REAKSIE

Volgens berigte van verslaggewers wat die teregstelling bygewoon het, het die hele Duitse volk die selfmoord van Göring met groot verligting en welbehae verneem, en daaroor gejuig as 'n laaste oorwinning van Göring oor die Geallieerdes wat hom aan die strop wou doodwurg. **Die korrespondent van die Daily Express vrees dat daar 'n nuwe legende van Duitse helderoem rondom die Neurenbergse skavot gaan verrys. Hy meen dat dit hoog tyd is dat hul hele houding teenoor die Duitsers in hersiening geneem word.**

Die Londense Times berig dat die Duitsers se reaksie in die algemeen daarop dui dat die Neurenbergse hof 'n legendariese held van Göring gaan maak en dat sy einde ooreenstem met sy dappere en fiere houding tydens die verhoor.

„Neurenberg, met sy verenigde beroep vanaf die skavot op nasionale gevoel, gaan miskien tog nog 'n plek van sameskaring wees," aldus die korrespondent. (Neurenberg was tydens die Hitler-bewind die plek waar die party sy jaarlikse sametrekking gehou het.)

## KERKLEIER GEVONNIS

Aartsbiskop Stepinac, primaat van Suid-Slawië, is voorverlede week deur 'n Joegoe-Slawiese hof tot 16 jaar tronkstraf veroordeel omdat hy skuldig bevind is aan „misdade teen die staat", wat o.a. insluit „gedwonge bekerings". Die Amerikaanse regering het sy diepe besorgdheid uitgespreek oor die burgerlike aspekte van die veroordeling van die Katolieke Biskop. Ook die Pous het sy stem teen die aanhouding laat hoor.

## RANDEIERS VAN VREDE HALFPAD BEBROEI

Die Paryse Vredeskonferensie het verlede week na 'n sitting van elf weke verdaag. Dit het die ontwerpverdrae van Italië, Roemenië, Hongarye, Bulgarye en Finland voltooi.

In die algemeen bring hierdie verdrae slegs klein territoriale veranderings aan op die landkaart van Europa. Die verdrae word nou aan die Vier Groot moondhede oorhandig vir oorweging en ondertekening deur die verskeie moondhede. Die ontwerpverdrae beslis oor die lot van 80,000,000 mense.

Die voorlopige besprekings oor die vredesverdrag met Duitsland sal eersdaags in New York, waar die ministers van die Vier Grotes vergader, bespreek word.

**NAZISME HERLEEF:** Meer as vyftig persone is in Frankryk in hegtenis geneem omdat hulle na bewering lede van 'n Nazi-beweging is. Hulle sou lede wees van die sogenaamde „Weerwolf - beweging" wat dwarsdeur Europa opereer.

## ONSKULDIG AAN HOOGVERRAAD

Hans Werner Neumann, 'n nie-genaturaliseerde Duitser wat voor 'n spesiale hof in Pretoria op aanklag van hoogverraad verskyn het, is op al drie aanklagte onskuldig bevind en ontslaan.

Hy was daarvan beskuldig dat hy by die Duitse leër aangesluit en 'n Duitse uniform gedra het, dat hy lede van die Unie en Geallieerde magte ondervra het; en dat hy diens gedoen het in die Duitse leër.

## SLAWE ROU IN BRITTANJE

Die voltrekking van die doodvonnisse oor die Duitse leiers het as gevolg gehad dat Duitse slawewerkers in Engeland in verskeie dele op staking gegaan het. In Essex het hulle met swart dasse by hul werk verskyn. Die eienaar van een van die plase het gesê dat die Duitsers gewoonlik hard werk, maar dat hulle op die dag van die teregstelling nie wou werk nie.

# Dokters en Nyweraars Nou aan Beurt

**'n Nuwe vloedgolf van vervolging staan oor Duitsland los te bars. Grootskaalse „verhore" word in gereedheid gebring vir Duitse geneeshere en nyweraars. Na verwag word sal die verhoor in November begin.**

**Die Verenigde State van Amerika is veral gretig vir die verhoor van Duitse nyweraars wat Amerika op sekere gebiede in die skadu gestel het. Die Amerikaanse onder-minister van oorlog, H. C. Peterson, het verklaar dat daar gretig na die naderende verhoor van politieke figure en nywaraars uitgesien word. Die beamptes van die oorlogsdepartement, het hy gesê, stel veral belang in die verhore.**

**Sedert die „vredesaankondiging" tot verlede week het die Geallieerdes 48 Duitse leiers en persoonlikhede om die lewe gebring. Honderd-agt-en-tagtig ander is reeds ter dood veroordeel en wag nog op die voltrekking van hul vonnisse.**


Stuur u POSBESTELLINGS vir

- KANTOORBENODIGDHEDE en
- SKRYFBEHOEFTES

na

SOLMS VAN NIEKERK

Groote Kerkgebou, Parlementstraat, KAAPSTAD — Foon 27017

*TELEURGESTELD?*

Was u miskien laaste jaar teleurgesteld toe u Kersfeesdrankies te laat aangekom het? Moet nie laat dit weer vanjaar gebeur nie. U kan nou-al seker van u drankies maak deur vandag u bestelling in te stuur. Vermeld die datum waarop u verlang dat afgestuur moet word, en dit sal op tyd afgelewer word.

MAAK GEBRUIK VAN HIERDIE GELEENTHEID EN VOORKOM TELEURSTELLING ! !

| PRYSLYS | Per bottel in kissies van 12 bot. | Per gelling in 5 gelling-vaatjies. |
|---|---|---|
| **WYNE:** | | |
| Spesiaal Soet .. .. .. | 2/6 | 11/- |
| Ou Port .. .. .. .. .. | 2/6 | |
| Rooi en Wit Jeripiko .. | 1/9 | 8/6 |
| Rooi en Wit Malmsey . | 1/9 | 8/6 |
| Rooi en Wit Muskadel | 1/8 | 8/- |
| Soet Port .. .. .. .. .. | 1/8 | 8/- |
| Port, Pontak, Worcester Hock en Spesiale Sjerrie | 1/7 | 7/6 |
| Goue Sjerrie (Droog) .. | 1/6 | 7/- |
| Ou Bruin Sjerrie .. .. | 2/3 | — |
| „Cocktail" .. .. .. | 4/- | — |
| Vermouth (Droog en Soet) | 2/9 | — |
| **DROË WYNE:** | | |
| Swartberg Sjerrie .. .. | 2/6 | |
| Boergonje (Rooi) .. .. | 1/9 | — |
| Riesling en Droë Wit .. | 1/6 | — |
| **FONKELWYNE:** | | |
| Grand Spumante .. .. | 10/- | — |
| Vonkel Boergonje (Droog) | 8/6 | |
| Grande Splendore .. .. | 7/6 | — |

| PRYSLYS | Per bottel in kissies van 12 bot. | Per gelling in 5 gelling-vaatjies |
|---|---|---|
| **BRANDEWYNE:** | | |
| Aurora V.S.Q. (slegs 3 bottels per bestelling | 10/- | |
| Royal .. .. .. .. .. .. | 8/6 | |
| Eureka .. .. .. .. .. .. | 8/6 | — |
| A.I .. .. .. .. .. .. .. | 8/- | — |
| Boegoe .. .. .. .. .. .. | 7/6 | — |
| **LIKEURE:** | | |
| Peperment, Piesang, Appelkoos of Perske | 7/- | |
| Kersie, Van der Hum, Gemmer, Anys, Naeltjies | 6/6 | |
| **JENEWERS:** | | |
| Droë, Lemoen en Suurlemoen | 7/6 | — |

**VOORWAARDES:** (1) Voeg by 20/- of 5/- per vaatjie en kissie met bottels respektiewelik. Hierdie depositos word dadelik vergoed op ontvangs van leë inhouers, spoorvrag betaald Vlakteplaats-Stasie. (2) Bestellings moet bestaan uit 12 bottels of 5 gellings (of 'n gelystaande hoeveelheid. (3) Alle bestellings Kontant of K.B.A. u naaste Stasie.

MOET NIE VERGEET OM DIE DATUM WAAROP U VERLANG DIT AFGESTUUR MOET WORD IN U BRIEF TE NOEM NIE.

EXCELSIOR WYNMAKERY (Edms.) Bpk.

VLAKTEPLAATS-STASIE (KAAPLAND)

*TOT U DIENS ..*

Geldenhuys Ingenieurswerke

- DRAAI
- PAS
- SWEISWERK

Wynnestraat 13 — PAROW

Sien Advertensie onder Geklassifiseerde kolomme (Gemeng).

ONS NUWE

Baadjie- en Jumperpakke

van Linne wat nie kreukel nie, is baie deftig.

Steyns

DIE MODEWINKEL

PAROW

VIR VEILINGS EN EIENDOM-VERKOPINGS

Van Riebeeck Trust Mpy. Bpk.

SECURITY-GEBOU — KAAPSTAD

Takkantore: Bellville, Strand en Wynberg.

*Beskerm u Oë*

Bring u oogarts se voorskrif na ons. Laat gekwalifiseerde Voorskrif-Oogkundiges u bedien.

Wahl, Lawrence EN KIE.

BRILMAKERS

Adderleystraat 120a, Kaapstad

Foon 22408

MEUBELS

PRYSE STYG VINNIG

KOOP NOU!

Ons hou alleenlik goeie kwaliteit Meubels in voorraad

Werda Meubelhandelaars, (EIENDOMS) BEPERK

Groote Kerkgebou — Kaapstad

*Volg u voorouers se raad en gebruik BOEGOESALF om u van lastige Verkoues, Hoes, Rumatiek, Winterhande, ens., te bevry*




BOEGOESALF

Die Oorspronklike P-HAU-SALF

Verkrygbaar by u Apteker of Winkelier

HANDELSNAVRAE: P-HAU-PRODUKTE (EDMS.) BPK.

Security-Gebou, Beursplein, Posbus 3180, KAAPSTAD

NOEM DIE O.B. BY DIE ADVERTEERDERS

DIE O.B., WOENSDAG, 23 OKTOBER 1946

# Volk wag nou op Versoening

Op die Transvaalse kongres van sy party het dr. Malan 'n paar verklarings gedoen wat van belang is by enige benadering van die kwessie van samewerking. Hy het in die eerste plaas erken dat die O.B. se hulp nodig is by 'n verkiesing ten einde 'n oorwinning te verseker. Hy het verder verklaar dat die eersvolgende verkiesing nie oor stelsels sal gaan nie, maar hoofsaaklik oor die kleurvraagstuk, en ten slotte het hy gesê dat dit miskien blanke Suid-Afrika se „laaste kans" sal wees.

Laasgenoemde is 'n baie ernstige verklaring. Wanneer 'n mens die toekoms van jou volk in daardie lig sien, is dit vanselfsprekend dat jy as verantwoordelike leier ook die uiterste staatsmanskap sal openbaar om jou volk se laaste kans nie te verspeel nie. Die vraag is of dr. Malan se aangekondigde grondslag vir „verenigde optrede" pas by die erns van die toestand soos hy dit skilder, en daarop kan alleen ontkennend geantwoord word.

Wanneer 'n generaal voor 'n beslissing van lewe of dood te staan kom, is dit vanselfsprekend dat hy elke greintjie krag waaroor hy beskik in die stryd sal werp — desnoods vrou en kind. **Hy sal nie ander kragte ontwapen bloot net omdat hy hul mededinging by oorlewing van die krisis vrees nie.**

**Nòg dr. Malan se uitnodiging aan individuele O.B.-lede om vir sy party te stem soos die Sap ook maar kan stem, nòg die voorstel van mnr. J. E. Potgieter wat ooreenkomste van die hand wys uit vrees vir die voortbestaan van die eie party, pas by die erns van 'n laaste reddingspoging wat deur dr. Malan aan die volk voorgeskilder word.**

## NIE TER SPRAKE

Dr. Malan erken dat die O.B. en ander groepe se hulp nodig is. Hy weier egter om met daardie groepe as sodanig 'n bondgenootskap te sluit op grond dat daar te diepe beginselverskille bestaan. Maar hy noem self dat daardie verskille net ten opsigte van die staatstelsel bestaan, terwyl hy uitdruklik verklaar dat die stryd nie oor stelsels sal gaan nie, maar oor die kleurvraagstuk waaroor almal eners voel. Waar die Ossewabrandwag van sy kant hom bereid verklaar het om 'n bondgenootskap aan te gaan op die punte van ooreenkoms teen gemeenskaplike gevare, is dit nie duidelik op watter grond sy samewerking nog geweier word vir die doel wat dr. Malan die verkiesing voorhou nie.

Laat dit vir elkeen duidelik wees: Die H.N.P.-leiding het die Ossewabrandwag formeel tot 'n „vyandige organisasie" verklaar en nadat alle ampsdraers van die party van O.B.-lidmaatskap gesuiwer is, is op 15 Junie 1945 ook gewone lede van die party uitgeskop indien hulle nie die O.B. voor daardie datum afgesweer het nie. Wat meer is, 'n kandidaat van die H.N.P. moet uitdruklik 'n verklaring onderteken waarin hy onderneem dat hy „geen ooreenkoms of verstandhouding van enige aard het of sal hê" met die Ossewabrandwag nie. Verder weier die H.N.P.-pers nog konsekwent om selfs advertensies vir noodleniging te publiseer as dit van die Ossewabrandwag uitgaan.

## MAAK EERS VREDE

**Die H.N.P. verkeer dus in 'n volstrekte staat van vyandskap ten opsigte van die Ossewabrandwag. Waar dr. Malan nou erken het dat sy party die steun van die O.B. by 'n verkiesing nodig het, en waar hy aan die volk sê dat dit miskien sy laaste kans sal wees, sal die volk verwag dat dr. Malan vooraf sy vyandskap met die Ossewabrandwag beëindig sodat hy in die mees gunstige omstandighede daardie finale en beslissende verkiesingslag kan lewer. Dit is die MINSTE wat van hom verwag kan word indien hy 'n oorwinning vir die volk begeer.**

Gaan dr. Malan dit nou doen? Volgens sy toespraak weier hy om dit te doen. **Hy nooi slegs die O.B.-lid uit om vir sy kandidaat te gaan stem soos hy die Sap en selfs ook die kleurling-kieser uitnooi om vir hom te stem.** Daarom sê ons dat dr. Malan se dade nie pas by die erns van sy woorde nie — tensy hy dit nou gaan opvolg met toenadering ook teenoor die Ossewabrandwag as sodanig.

Want dit moet tog ook vir elkeen duidelik wees: Niemand sal verwag dat 'n lid van die Broederbond vir die Regeringsparty sal stem nadat laasgenoemde sy organisasie in die ban gedoen het nie. **Ook kan niemand verwag dat 'n O.B.-lid vir die „alternatiewe regering" kan gaan stem wat as opposisie reeds sy organisasie in die ban gedoen het nie, en dit terwyl hy nog sy steun nodig het!**

Staking van vyandskap en vriendskaplike toenadering is dus die eerste vereiste om die steun van die O.B. te kry — en die minste om dit vir die volk moontlik te maak om die oorwinning te behaal met sy „laaste kans". 'n Bondgenootskap waarin die Ossewabrandwag sy organisatoriese steun skouer aan skouer met ander organisasies in die stryd gaan werp, is 'n verdere en noodsaaklike vereiste, indien dr. Malan werklik die laaste bietjie krag van ons volk vir die finale slag wil mobiliseer. **Sulks sal daardie nuwe besieling bring wat nodig is in 'n stryd wat as beslissend beskou word.**

**Die volk sal in die komende maande wag op dr. Malan se aanvaarding van die O.B. se versoeningsaanbod.**

# Nuwe Bedeling Kom — Swart of Nasionaal

Ons geslag van vandag leef in die tye van wêreldomwenteling en die barensnood van 'n nuwe sosiale stelsel. 'n Mens moet redelik waaghalsig wees om hier profeet te speel en om te sê hoe die dinge later gaan lyk; wat die gesig van die wêreld oor tien of vyftien jaar gaan wees. Maar een ding kan met sekerheid gesê word en sonder veel teenstribbeling van ernstige denkers, naamlik dat die ou wêreld, die wêreld van liberale kapitalisme wat ons geken het . . . daardie ou wêreld is onherroepelik in die verlede versink. En verder is dit redelik veilig om te voorspel dat in die plek van daardie ou wêreld van die liberale kapitalisme doem daar die nuwe sosialistiese wêreldorde aan die gesigseinder op.

**Maar „sosialisme" is 'n wye en byna alomvattende benaming.**

Net soos die woord „godsdiens" in sy breë betekenis alle gelowe kan beteken, vanaf een of ander altaar van die Asteke in middeleeuse Meksiko, met menslike offerande wat na die hemele rook, tot die Kerk van Christus in ons eie bedeling.

Sosialisme word gebruik om baie soorte ekonomiese stelsels aan te dui wat deur 'n sentrale gesag in die algemene belang beplan en beheer word, of dit nou die nasionaal-sosialisme van die Duitsland van Hitler was of die Kommunistiese Manifes soos toegepas in die Bolsjewistiese Rusland.

## VANGARMS

Laat ons op een punt helderheid hê: **van die verskillende soorte sosialisme is die kommunisme — of internasionale sosialisme, soos dit ook genoem word — vandag in die onbestrede besit van meer as 'n vyfde van die hele aardbol en hy steek sy vangarms uit na die orige vier-vyfdes, en ook na die Unie van Suid-Afrika!** Dus is die kommunisme nie 'n moontlike gevaar nie . . . dit is 'n aktuele en bestaande dreigement vir alle non-kommuniste. Elke denkende mens moet teenoor die kommunisme 'n standpunt inneem; hy kan dit nie skouerophalend vergeet nie. Ook die Ossewabrandwag moet teenoor die kommunisme stelling neem.

Kortliks is ons stelling die volgende: dat van al die oorsese strominge wat na die kuste van Suid-Afrika spoel is die **kommunisme verreweg die gevaarlikste en dit kan net een gevolg hê, naamlik die totale ondergang van die blanke Afrikanerdom in ons vaderland.** Dit beteken:

Die totale ondergang van die blanke met alles wat daarmee gepaard gaan, die kerk en die staat, die huis en die haard, man, vrou en kind.

## RASSEKWESSIE

Want in Suid-Afrika is dit nie 'n kwessie van die „klassestryd" wat hulle preek nie — nie die „diktatuur van die proletariaat" waarna hulle so vurig verlang nie, **maar wel 'n rassekwessie, omdat die klasseverdeling waarop die kommuniste in Suid-Afrika bou, en die rasseverdeling een en dieselfde is.** Die proletariaat is nie net die werker nie, maar veral en in sy oorgrote meerderheid die **nie-blanke werker.**

„Die diktatuur van die proletariaat" is onvermydelik en onverbiddelik die diktatuur van die nie-blanke oor die blanke. Dit kan nie anders wees nie; so lê die rasseverhoudings in Suid-Afrika vir wel of vir wee.

Die Ossewabrandwag is nie ten gunste van die onderdrukking en die uitbuiting van die

O.B.-Beleid

nie-blanke nie. Ons voel dat die naturel oor die algemeen besonder ordentlik en ordeliewend leef onder dikwels sware omstandighede . . . omstandighede wat ook ons verbeter wil sien. Maar die Ossewabrandwag is oortuig dat selfbehoud die eerste wet van die natuur is en dat die behoud van die ras die eerste aanspraak op ons rassetrou het.

Wat ons voorvaders uit Europa met moeite en opoffering en lewensgevaar verwerf het, byna drie eeue lank, die kan ons nie terwille van 'n skottel kommunistiese lensiesop gaan verkwansel nie. **Inteendeel, elke gesonde rasse-instink in ons vereis dat ons daardie erwe van die vaders ook die erwe van ons kinders moet laat bly.**

## TOT DIE EINDE

Op 'n swart kontinent is blanke heerskappy die enigste waarborg vir blanke voortbestaan. In hierdie verdeling, waarop die kommuniste mik, is ons òf die hamer òf die aambeeld. Daar is geen ander keuse nie. **Nie weens vyandskap teenoor die naturel nie maar weens die lewensnoodsaaklike vereiste vir blanke voortbestaan.**

Om hierdie redes het die blankes — afgesien daarvan of hulle Afrikaans- of Engelssprekend is, afgesien van partye of organisasies — geen ander keuse dan om hulle onderlinge geskille op minstens een punt te laat vaar — en teen die kommunisme 'n verenigde front te bied. Tot die einde toe!

## MAGSPOLITIEK

Maar daar is nog 'n ander punt en dit is 'n uiters belangrike. **Die Kommunisme is nie net 'n lewensbeskouing nie; dit is tewens 'n magspolitieke faktor.** Agter die Kommunisme staan meer as 'n eeu van organisatoriese ondervinding en rewolusionêre ontwikkeling en aktiwiteite.

Mens kry „sitkamer"-kommunisme wat oorloop van argumente oor die ongelyke verdeling van goedere en wat hulle verbeel dat die kommunisme net 'n leerstelling is waartoe jy ander mense moet oortuig . . . en dan kom die wêreld vanself reg. Dit is hoegenaamd nie die geval nie. Die kommunisme mik nie op die oortuiging van die besittende (in Suid-Afrika die blanke) element nie. **Dit mik op sy uitroeiing.** Om hulle eie woorde te gebruik: die burgerlike klas — hier: die blanke ras — moet **„gelikwideer"** word. „Likwideer" beteken hier „ophou om te bestaan", soos 'n boedel wat mens likwideer. Dit wil sê jy verkoop hom uit en daarna is die boedel nie meer daar nie.

# SOOS ONS LESERS DIT SIEN

## Eiebelang

Nasionale O.B., Laingsburg, skryf:

Volgens twee briewe in u blad van 25 Sept. meen een van ons lesers dat die H.N. Party die beste wapen is. Ja, net soos voor die algemene verkiesing in 1943 toe dr. Malan gesê het as die Nasionale Party nie die verkiesing wen nie, staan die Afrikanerdom voor 'n algehele ondergang. En hier by ons in die Ceres-kiesafdeling het sommige lede van sy party beweer dat die H.N.P. oor 700,000 lede beskik wat kan stem en dat daar geen gevaar is dat die verkiesing verloor kan word nie. Toe hulle skaars 43 setels kon verower, het dr. Malan gesê: Daar is niks om te vrees nie.

Die H.N.P.-leiding glo meer in 'n kombinasie van vreemde elemente as in nasionale Afrikaners, vandaar die weiering om saam te werk. Toe hulle die O.B. wou breek, het hulle met Sappe en vreemde elemente saamgewerk en so die verkiesing verloor. Toe kon hulle weer die skuld op die O.B. plaas en die breuk nog wyer maak. Dit kom my voor asof eiebelang swaarder weeg as volksbelang. Dit is my ondervinding dat die pers dinge wat die Party nie pas nie doodsmoor, of anders as hulle iets meld slegs 'n deel rapporteer wat die party pas. Dit word van minder belang geag of dit nie in belang van die volk is nie.

Wat ek besonder betreur is dat persone wat hulle lewe aan die toekoms van die Afrikanervolk gewy het, vandag deur die party-leiding uitgejou word. Selfs die vader van Nasionalisme, genl. Hertzog word nie gespaar nie, hoewel hulle graag sy werke vir hulself toeëien sonder hom te erken. — (Verkort. — Red.)

## Die Republiek

Kapt. H. Slegtkamp, Middelburg, Tvl., skryf:—

Ek merk in u geëerde blad dat dr. Malan voorlopig die Republiek in die koelkas bêre.

Dit kan ek verstaan, maar weet dr. Malan nie dat mens kosware nie te lank in 'n koelkas moet laat staan nie, anders word dit sleg. En sodra mens iets uit 'n koelkas neem moet dit dadelik gebruik word. Dus, hoe nou gemaak met die Republiek?

Ek wil baie graag weet waarom dr. Malan die Republiek in die koelkas wil bêre. Dit kan tog nie bederwe nie, want dit het te veel bloedoffers geverg op die pad van Suid-Afrika. Indien dr. Malan dan nie soveel deursettingsvermoë het nie moet hy dit oorlaat aan dr. Hans van Rensburg wat die golwe van haat en nyd kan weerstaan.

## HENDRINA

Die veldkornetskap van Hendrina het op 21 Sept. hulle funksie vir O.B.-dag gehou en £13 ingesamel. Genl. G. Opperman, gebiedsleier van Gebied G, was aanwesig en het die Brandwagte toegespreek. Daar het besieling van hom uitgegaan.

# Prof. Du Plessis Aan Die Spits

## Skitterende Loopbaan in Diens van Volk

**Prof. L. J. du Plessis wat onlangs die voorsitterskap van die direksie van PERSKOR aanvaar het, is reeds alombekend in besigheidslewe van ons land vanweë die belangrike aandeel wat hy in die oprigting en uitbouing van groot Afrikaanse sake-ondernemings geneem het.**

Die sakemansvernuf van hierdie veelsydige persoon het veral in die afgelope jare sterk op die voorgrond getree en 'n belangrike stukrag gevorm vir die ontwikkeling van die Afrikaanse ekonomiese beweging wat hom ten doel stel om die Afrikaner ook sy regmatige plek as ondernemer in die besigheidslewe van Suid-Afrika te laat inneem.

Die Afrikanervolk ken prof. Du Plessis reeds as die man wat hom op politieke gebied beywer vir die vereniging van sy volksgenote in 'n beweging wat „alle gesonde volkskragte tot 'n eenheid van wil en daad sal saamsnoer." Ons het hom veral leer ken as voorsitter van die Afrikaner - Eenheidskomitee van 1941. Ook op kulturele gebied het prof. Du Plessis sy stempel afgedruk. As hoogleraar in staatsleer en regte en klassieke tale aan die Potchefstroomse Universiteitskollege doen hy belangrike opvoedingswerk. Hy was ook sekretaris van die Afrikaanse Bybelvertalingskommissie.

Prof. Du Plessis is op 10 Februarie 1897 in Burgersdorp gebore as die oudste seun van wyle prof. J. A. du Plesssis, professor in die Teologiese skool van Potchefstroom. Sy opleiding wat hy hoofsaaklik in Potchefstroom ontvang het, is verder voortgesit aan die Universiteit van Pretoria en die Vrye Universiteit van Amsterdam. Hy het hom oorspronklik toegespits op lettere, veral die klassieke, maar sy belangstelling het later ontwikkel in die rigting van staatsleer, regte en die ekonomie. Die titels M.A., M.Econ., LL.B. is sommige van die akademiese onderskeidings wat hy verwerf het.

### EKONOMIESE STRYD

Reeds lankal het prof. Du Plessis daarvan oortuig geraak dat die Afrikaner 'n groter aandeel in die ekonomiese lewe van sy land moet neem om die proses van volksverarming teen te gaan.

As voorsitter van die Ekonomiese Komitee van die F.A.K. en daarna van die Ekonomiese Volkskongreskomitee, het prof. Du Plessis 'n belangrike aandeel gehad in die reëlings in verband met die Ekonomiese Volkskongres van 1939. Na die Ekonomiese Kongres is prof. Du Plessis belas met die verantwoordelike taak van voorsitter van die Ekonomiese Instituut van die F.A.K. wat dien as die voortsettingsorganisasie van die kongres. In hierdie hoedanigheid het hy vir 'n paar jaar lank sy beste dienste gelewer. Prof. Du Plessis het hom ook onvermoeid beywer vir die oprigting van 'n Suid-Afrikaanse wolfabriek. Uiteindelik het die Nywerheidsontwikkelingskorporasie hierdie saak aangepak.

Saam met ander het hy hom beywer vir die oprigting van 'n volksbank en in 1934 is Volkskas in die lewe geroep, waarvan hy vanaf die begin die voorsitter van die direksie was tot in 1944 toe hy as voorsitter en direkteur uitgetree het, omdat, soos hy dit op die tiende jaarvergadering van die maatskappy gestel het, „die pad vir Volkskas nou so gebaan en geëffen is en so veilig lyk, dat ek liewer voortaan my kragte wil wy aan ondernemings waar daar nog groter gevaar en avontuur te wagte is." Alleen 'n man met 'n onuitputlike ondernemingsgees en 'n vaste vertroue in die sake wat hy aanpak, kan sulke woorde besig. Dat dit nie by woorde gebly het nie, is sedertdien bewys.

### ASOKOR

Na sy uittrede uit Volkskas het prof. Du Plessis sy spaartyd gewy aan die ontwikkeling van die toe pas gestigte Asokor Beperk as voorsitter van die direksie en later as honorêre besturende direkteur. Asokor streef na die nouere aaneenskakeling van die boer en die verbruiker. Die gevolg is dat ook Asokor vandag reeds 'n stewig gevestigde onderneming is wat belangrike ekonomiese dienste lewer.

Maar ook met hierdie prestasie is prof. Du Plessis nog nie tevrede nie. Om hom voortaan met alle krag aan die bevordering van sake-ondernemings te wy, gaan hy aan die einde van hierdie jaar sy hoogleraarskap aan die Universiteit neerlê om voltydse besturende direkteur van Kopersbond Beperk, 'n maatskappy met 'n uitgereikte kapitaal van £750,000, te word.

**Omdat prof. Du Plessis in die jongste jare diep onder die indruk gekom het van die noodsaaklikheid van 'n nie-partypolitieke pers vir die vereniging van alle gesonde volkskragte, het hy hom nou ook die benoeming tot voorsitter van die direksie van Pers-Beleggingskorporasie Beperk laat welgeval. Hy is ook reeds 'n direkteur van Pro Ecclesia-Drukkery (Edms.) Bpk., van Stellenbosch.**

Onlangs het prof. Du Plessis in Pretoria verklaar dat hy hom in die naaste toekoms meer bepaald aan die uitskakeling van die vreemde kapitalisme in Suid-Afrika gaan wy deur die bevordering van 'n positiewe volksekonomie. Dit is 'n grootse taak, maar dat reeds vordering gemaak is getuig die volgende woorde wat prof. W. H. Hutt, van die Kaapstadse Universiteit onlangs in sy opspraakwekkende toespraak voor die Sons of England gebesig het:

> „Onder die leierskap en besieling van 'n merkwaardige man wat die kalklig vermy, prof. L. J. du Plessis van Potchefstroom, het die ekonomiese front (van die Afrikanerdom) vinnig gevorder."



PROF. DU PLESSIS — neem leiding in sakewêreld.

# O.B. Se Voorstel Aanneemlik

## AFRIKANERS BEGIN ORAL SAAMWERK

**Ek is opnuut getref deur die opregte begeerte tot samewerking by die Afrikaners, het hfkomdt. W. R. Laubscher verklaar nadat hy 'n kort besoekie gebring het aan die afdeling van genl. Barry Lubbe van Clanwilliam.**

**Wat my veral opgeval het is die hartlikheid waarmee Afrikaners mekaar weer begin bejeën. In die Cedarberge waar ek 'n aangename vergadering toegespreek het, en waar die plaaslike O.B.-eenheid 'n geslaagde funksie gehou het, het Afrikaners van die H.N.P. hartlik saamgewerk om van die verrigtinge 'n sukses te maak.** Op Clanwilliam en ook op Lambertsbaai het heelwat lede van die H.N.P. na die vergaderings gekom om die standpunt van die O.B. te verneem. Hierdie vriende het almal met waardering kennis geneem van die O.B. se saamwerkvoorstel en die hoop uitgespreek dat samewerking langs die aangeduide weg verkry sal word.'

Hoofkomdt. Laubscher het veral beklemtoon dat die vyandskap wat teen die O.B. gehandhaaf word afgesweer moet word en dat die O.B. as bondgenoot in die verkiesingstryd aanvaar moet word. Dan is samewerking vanselfsprekend bewerkstellig.

RUSSIESE TROEPE: Sowjet-troepe het gedurende die afgelope weke Oostenryk binnegestroom. Hulle is in die omgewing van Weenen gestasioneer. Die meeste van die troepe is van Hongarye afkomstig. Hulle is besig met militêre oefeninge op die oefenterrein van die eerstydse Duitse weermag.

# V.S.A. Beskuldig Tito Van Onbeskaafdheid

**Die Amerikaanse regering het verlede week 'n nota aan die Joego-Slawiese regering gerig waarin hy verklaar dat baie Amerikaanse burgers deur Tito in Joego-Slawiese tronkkampe gegooi is en vir slawearbeid gebruik word.** Amerikaanse burgers sou sonder aanklagte in hegtenis geneem, in vuil tronk-kampe aangehou en as plaasarbeiders onder slawetoestande gebruik word; ook word hulle sonder dat hulle skuldig bevind is aan enige misdaad, gestraf.

In die nota word „afsku en afkeuring" oor hierdie Joego-Slawiese praktyk uitgespreek en te kenne gegee dat die optrede van die Joego-Slawiese regering „onbeskaafd" is.

R. W. van Ryn
BRILMAKER



Bring u oogarts se voorskrifte na my, en doen u keuse uit my groot verskeidenheid moderne brilrame, asook raamlose modelle.
ONTHOU! 5de Verdieping, Groote Kerkgebou, Kaapstad

VRA BY SPOORWEGBOEKSTALLE VIR
WAPENSKOU
Dit gee 'n kritiese nuusbeskouing van Suid-Afrikaanse sowel as internasionale nuus.
WEEKLIKSE NUUSTYDSKRIF
Intekening 12/6 per jaar by Wapenskou, Bus 28 STELLENBOSCH

MARKAGENTSKAP
VROEË MÔRE-MARK
KAAPSTAD
Betaling geskied onmiddellik weekliks, maandeliks of soos verlang
Beste heersende pryse
MINNAAR EN VAN SCHOOR
Eienaar: GUSTAV RETIEF

Vir Voetmoeilikhede raadpleeg 'n deskundige
Handgemaakte Voetstutjies Volgens Afmetings: 'n Spesialiteit
Physical Foot Culture
Oranjestraat 82
KAAPSTAD

„In hierdie ou tranedal waarin een medemens besig is om soos gewonde bobbejane die ander se ingewande uit te pluk is daar al genoeg ellint. Dit is 'n onvergeeflike sonde om daar nog meer te wil inprop."
DIE „ELLINT" VAN HIERDIE BOEK SAL U LAAT SKATERLAG.
LAG SAAM!
U *moet* hierdie boek lees
Skoorsoek
deur
DANIE STEGMAN
8/4 posvry.
'n Humoristiese Roman.
„Die vreemde, soms baie koddige sinswendinge, raak gesegdes en frisse woordeskat is van kultuurwaarde. 'n Verdienstelike werk."
— 'n Beoordelaar.



TWEEDE UITGAWE IN DIE PRO ECCLESIA-BIBLIOTEEK. IS U AL LID? VRA OM BESONDERHEDE.

NUWE BOEKE !

| | | |
|---|---|---|
| Johann van der Post — Die Skender .. .. | 8/9 | posvry. |
| Sannie Visser — Die Wit Vlag .. .. .. .. | 8/9 | „ |
| Theunis Krogh—Die Kuns van Janse Cloete | 8/3 | „ |
| Donald Fouche — Ek hou van 'n Man .. .. | 8/9 | „ |
| A. J. du Plessis — Die Moord op Rietvlei .. | 9/3 | „ |
| Ben Conradie — Sy Verlore Nooientjie .. | 7/9 | „ |
| Casper Bosman — Staan en Vlug .. .. .. | 8/3 | „ |
| Sophie Roux — Soos die Peerbome Bot .. | 6/6 | „ |
| Topsy Smith — Bokshelde van die Wêreld | 7/9 | „ |
| L. Lambinon — Die Romentiek van Ons Geslagslewe .. .. .. .. .. .. .. .. .. .. .. | 9/9 | „ |
| Mikro — Op die Spoor .. .. .. .. .. .. .. | 8/3 | „ |
| Edgar Rice Burroughs: Tarzan Keer Terug | 9/6 | „ |
| Edgar Rice Burroughs — Tarzan die Aapman .. .. .. .. .. .. .. .. .. .. .. .. | 10/- | „ |
| Ela Spence — Bevryding .. .. .. .. .. .. | 6/9 | „ |
| G. Lampen — 'n Uitoorlê-spel .. .. .. .. .. | 6/3 | „ |

PRO ECCLESIA-BOEKHANDEL
POSBUS 29 — STELLENBOSCH

# GEKLASSIFISEERDE ADVERTENSIES

**Darwin het na die SKAKEL tussen mens en aap GESOEK; DIE O.B. het die SKAKEL tussen adverteerder en publiek GEVIND!**

DIE O.B. vind sy weg in duisende huisgesinne oor die hele land, waar dit met toewyding gelees word.

**Uit klein akkers spruit groot bome . . .**
**Uit hierdie klein beleggings spruit groot diwidende.**

**TARIEF VIR GEKLASSIFISEERDE ADVERTENSIES:**

**Huishoudelike Kennisgewings:**
(Verlowing, huwelik, geboorte, sterfgeval, in memoriam, gelukwensing, ens.) 2d. per woord; minimum 4/- per plasing. Vooruitbetaalbaar. Vir herhalings 25 pst. afslag.

**Handelsadvertensies:**
Enkele plasings (vooruitbetaalbaar): 3d. per woord, minimum 6/- per plasing. Vir 2 tot 26 agtereenvolgende plasings: 2½d. per woord, minimum 5/- per plasing. Vir 27 tot 52 agtereenvolgende plasings: 2d. per woord, minimum 4/- per plasing.

**Intekengeld op „Die O.B."** (verskyn weekliks): 10/- per jaar of 5/- vir 6 maande. Vooruitbetaalbaar. — Stuur advertensiebestellings en intekengeld na: **DIE O.B., Posbus 28, Stellenbosch.**

## GEBOORTE

BLIGNAULT. — Aan Adj.-komdt. en Mev. Johann Blignault, Eeufeesstraat 5, Bethlehem, 'n fris O.B.-seuntjie. Naas die Goeie Gewer ons dank aan dokter en verpleegster.

## HUWELIK

Vir partytjies, resepsies, dinees, probeer die Kaapstadse Afrikaner Koffiehuis (K.T.K.). Uit Wandelgang, Groote Kerk-gebou. Lug heerlik verwarm en gesellig op koudste dag. Gerieflike, hoflike en doeltreffende diens.

## GRAFSTEEN-WERKE

Grafstene, Monumente en Randmure opgerig enige plek in die Unie. Raadpleeg ons vir 'n besonder billike kwotasie.
**S.A. GRAFSTEEN- EN MONUMENT-WERKE (EIENS.) BEPERK**
(Jannie Cillie, Besturende Direkteur)
VOORTREKKERWEG — MAITLAND.
Fone 5-4420 en 5-2823 — Posbus 2.

## AGENTSKAPPE

**Interprovinsiale Agentskappe (Edms.) Bpk., Groote Kerkgebou 521, Kaapstad.** Telegrafiese adres: „Interpros". Foon 2-4560. Ons is makelaars en afslaers en verteenwoordig plattelandse besighede van enige aard, sowel as die belange van privaat persone; koop en verkoop vaste en ander eiendomme enige plek in die Unie en hanteer verkopings en inkopings van enige aard in die buiteland. 5603/52

**EIENDOM.** In verband met verkoop van huise, plase en motors raadpleeg P. v. d. WESTHUIZEN, Oranjestraat 82, KAAPSTAD. Foon 2-0740. 5602Tk

**EIENDOMME.** — G. en B. PROPERTIES (PTY.) LTD. (voorheen P. G. Groenewald), Stasieweg 5, PAROW, Afslaers, Huis- en Eiendomsagente. Telefoon 9-8619.

## ALGEMENE HANDELAARS

**COETZER SE WINKEL** H/v. Merriman- en Cookstraat, VASCO vir Dames en Babaklerasie, Kruideniersware, Verf ens. 5600TK

**OOSTELIKE WINKELS.** — Besoek ons by ons nuwe perseel. H/v Adderley- en Pellstrate, Port Elizabeth. TK5529

## BOME, PLANTE EN SAAD

**VARS GESERTIFISEERDE GROENTESAAD.** — Detroit Beet 9/-; Chantenay Wortels 12/-; Suiderkruis Blomkool 18/-; Reliance Blomkool 20/-; Kaap Spitzkopkool 10/-; Koel en Broos Komkommer 12/6; Tom Watson en Wonder Waatlemoen 16/-; Blaarslaai 20/-; Skorsies: Hubbard Groen, Lang Wit Bos en Murg van Groente 10/-; Perstop Raapsaad 7/6. Uie: Australiese Bruin 7/6; Kaapse Plat 9/6; Silver King 10/6; Prei 20/-. Tamaties: Marvel 25/-; Marglobe 40/-. — K.M.B. van PREMIERS, Posbus 11, Schoemanshoek. 3/7/V

**HERHOLDT SE PUIK INGEVOERDE SADE** groei en stel tevrede waar ander faal!

Lieflike Super ASTERS, skemerglans gemengde AFRIKANERS, wit en rooskleur GYPSOPHILA, dubbel STOKROSE, NICOTIANA, populêre KAPPERTJIES, SONSKYN gemengde Dahlia, reuse JACOPREGOP, keurige LEEUBEKKIES, WEESKINDERTJIES, SWEET WILLIAMS, SKOTSE GOUSBLOM, pragtige RIDDERSPOOR 6d. en 1/- per pakkie.

SUPER SWISS GESIGGIES 2/6, JUMBO MASTADON AMERIKAANSE Reuse Gesiggies, Reënboogkleure 2/6 en 5/- per pakkie. TETRA nuwe gekartelde LEEUBEKKIES 1/- en 2/6 per pakkie.

INGEVOERDE KOOLSAAD: AMERIKAANSE SUREHEAD, Enkhuizen Glory, Early Flat Dutch, Brunswick, Copenhagen Mark 2/- per ons, 22/6 per lb.

Suikersoet NANTES Wortels 2/- per ons, 22/6 per lb.

Aanhoudende SPINASIE BEET „Sny en kom weer" 1/6 per ons, 17/6 per lb. VIROFLAY en VIKING SPINASIE ryk aan Vitamiene 1/- per ons, 7/6 per lb.

New York, Ysberg en Cos Kopslaai 2/- per ons, 17/6 per lb.

Black Diamond en Early Fortune Komkommers 2/6 per ons.

TOM WATSON Waatlemoen 1/6 per ons, 17/6 per lb. Wonder, Halbert Honey en Florida Favourite Waatlemoene 2/- per ons. Tendergreen Haarlose Groenpeul, Brittle Wax Stoelbone 3/- per lb.

KENTUCKY WONDER Rankbone 3/-. Roesvry witsaad KENTUCKY Rankboon 2/6 per lb. Sneeubal en Rooi Top Rape, Radyse, Erte, Pieterselie, Spinasie, Vroeë Pampoen ens. 6d. en 1/- per pakkie volgens grootte.

KONTANT MET BESTELLING, plus pakfooie HERHOLDT'S, POSBUS 660, JOHANNESBURG. (A) 23/10/3

**HERHOLDT SE BOOMKWEKERY, POSBUS 660, JOHANNESBURG.**

KRISANTE! Nou is die tyd om ons ongeëwenaarde Versamelings te plant wat saamgestel is uit meer as 60 van die wêreld se beste Goue MEDALJE en Beker wenner soorte. Lieflike gesorteerde kleure.

DONOU VERSAMELING: Meesters van die vertoontafel. 15/6 vir 6, 25/- per dosyn, 90/- vir 50.

OPERA VERSAMELING: 21/- per dos. 75/- vir 50.

LUUKSE SORTERING: 18/6 per dos., 65/- vir 50.

TUIN VERSAMELING: 15/6 per dos., 55/- vir 50.

DAHLIAS: Reuse vertoon Dekoratiewe, bekoorlike Kaktus in bekoorlike kleure. Ons deskundig ontwerpte Versameling hieronder verseker tevredenheid!

SONSTRAAL UITDAAG VERSAMELING: Onoortrefbaar vir grootte en gehalte, 50/- per dosyn, 27/6 vir 6.

SONSKYN VERSAMELING: 40/- per dosyn; 22/6 vir 6.

TUIN-VERSAMELING, 37/6 per dos. per dosyn; 22/6 vir 6. Gepak en Posvry.

SWAARDLELIES: Eerste van Holland ingevoerde in glorieryke kleure. 7/6 per dosyn, 50/- vir 100. KONTANT MET BESTELLING 23/10/6

**VARS GESERTIFISEERDE GROENTESAAD.** — Per ¼ pond, ½ pond en 1 pond: Spanspek, 4/-, 6/-, 10/-; Tom Watson- en Wonder-Waatlemoen 4/-, 6/-, 10/-. Tamaties, Beauty en Marglobe, 9/-, 17/-, 32/6. Australiese Bruin Uie, 6/-. Vroeë Kaapse Plat Uie, 7/6. Detroit-Beet 7/6. Plat Egiptiese Beet, teen 7/6 pond. Volledige pryslys van: KAROO-SAADVERSPREIDERS, Posbus 107, Oudtshoorn.

## DIERE TE KOOP

**Grootswart Varkies,** 2 maande oud, teen £3/17/6, plus 12/6 registrasie. Vry op spoor. Leë hokke moet dadelik terug. Skryf aan: F. J. VAN WYK, Dam, P.K. TWEELING. 16/10/2

**Pragtige Jerseykoeie** in melk en om binnekort te kalf. Alleen voerskaarste verplig my om hulle te verkoop. Prys £30. Besigtiging verwelkom. — J. H. MOOLMAN, Rusoord, MIDDELBURG, K.P. 16/10/3

**Opreggeteelde Tamworthvarkies;** pragtige kondisie, teen £3-3-0 stuk om nie minder as 4 te neem nie.—J. H. MOOLMAN, Rusoord, MIDDELBURG, K.P. 16/10/3

## GEMENG

**DRAAI-, PAS- en SWEISWERK** en die oprigting en instandhouding van fabrieks- en ander masjinerie word onderneem deur GELDENHUYS SE INGENIEURSWERKE, Wynnestraat 13, Parow. Diens gegrond op 30 jaar praktiese ondervinding. — Eienaar: D. J. Geldenhuys. Foon 989139.

**ELEKTRISO (EDMS.) BPK.**— Elektrisiteits- en Werktuigkundige Ingenieurs, Voortrekkerweg 30, Bellville. Ons doen ankerwikkeling van enige motor of ontwikkelaar. Herstelwerk aan enige elektriese apparaat. Draai-, pas- en sweiswerk. Kom na ons. U werk word snel verrig deur gekwalifiseerde ambagsmanne. Tel. No. 9—7223. 5564-1

**ELEKTRIESE WARE.** — Vir alle elektriese installasies en benodigdhede raadpleeg J. A. WOLFAARDT, Hoofstraat 410, Paarl. Foon 354.

**SKOENREPARASIES.** Ondersteun u mede-Afrikaner en wees verseker van die beste dienste by VOORTREKKER SKOENHOSPITAAL, Langstraat 291, KAAPSTAD. Foon 30164. 4879/26

**VAN'S CONCRETE PRODUCTS.** — Terazzo Kombuis- en Handwasbakke. Baddens, Septiese Tenks, Pilare, Vloerteëls, Voertrôe. Enigiets in beton. — Direkteure: P. W. en P. G. VAN HEERDEN, Potgieterstraat 258, PRETORIA.

U ondersteuning Brandwagte!! Sout te koop: A1 59/-, No. 1 54/-, No. 2 49/- per ton. K.M.B. Ex-Soutwerke. J. H. VENTER, Vaalbank, Pk. Florisbad. 32B

## GENEESMIDDELS

**ASMA-LYERS.** — Herwin volkome gesondheid. Duitse klierstowwe maak vertraagde kliere werksaam en verwyder oorsaak en siekte. — Besonderhede: AFRIKAANSE AGENTE, Carnegie, Plek 4, DURBAN. 7207/4/B

**BEHANDELING GRATIS.** — Ons is daar so oortuig van dat ons 'n egte Suid-Afrikaanse geneesmiddel vir Rumatiek, Lendepyn, Heupjig en verwante kwale ontdek het, dat ons 'n gratis proefmonster aan enige lyer sal stuur. — Stuur 1/- vir posgeld ens., aan: ANDREWS SE PYNPLEISTERS, Posbus 775, Pretoria.

**BLY JONK.—GRYSHAARWONDER.** Die nuutste wêreldwonder teen grysheid waarborg herstel van gryshare vir goed tot natuurlike kleur. 5/- per bottel posvry. Geld met bestelling. — Skryf: BOEREGENEESMIDDELS, Posbus 4272, JOHANNESBURG.

## HORLOSIEMAKERS

**DESKUNDIGE HERSTELWERK** aan Horlosies. Alle werk word gewaarborg en spoedige aflewering. — P. PRETORIUS, Keeromstraat 18, Kaapstad. (Voorheen Kerkstraat 69.) Foon 2-5454.

Vir horlosiereparasies spreek **STEYN en SWART,** Posbus 3531, KAAPSTAD. Private adres en voorlopige werkswinkel: Joubertstraat 37, VASCO. 5566

**HORLOSIES.** — Groot verskeidenheid dames en mans polshorlosies teen billikste pryse. Dames: van £1-15-6, £2-15-0; £3-17-6; tot £15. Mans: vanaf £1-17-6, £2-15-0; £3-15-0 tot £17-10-0. Direk van Switserland ingevoer. 5 pst. afslag indien kontant met bestelling saamgestuur word. Ook horlosiebande in goud, roeslose-staal, leer ens. Skryf aan: S.A.I.D.A., Posbus 3476, Kaapstad. 25/9/4.

## HOTELLE

**MAJESTIC HOTEL,** Ceres (Eienaar J. W. Brummer) Foon 114). Kom geniet 'n heerlike vakansie in 'n rustige landelike omgewing. Uitstekende dienste, etes en slaapplek. Steeds tot u diens! 4878/52

## KLEREMAKERS

**STEYN en SWART,** voorlopig h/v. Merriman en Cookstrate, VASCO. Die kleremakers met 'n reputasie. Hou dop vir hul nuwe adres. 5567

Vir 'n goeie pak klere of kostuum kom na 'n eersteklas snyer F. C. HAGEN, Voortrekkerweg 74, PAROW. 5605/52.

## MANELPAK

**MANELPAK** omtrent nuut vir persoon van 6 vt. 2 dm. Borsmaat 44 dm. Prys £18-18-0. — VAN DER WESTHUIZEN, De Villierstraat 29, Strand. 23/10/1B

## MEUBELS

**MEUBELS.** — Swierige en duursame Tambotie- en Kiaat-Meubels, regstreeks van ANDRIES MAREE se Meubelfabriek, teen streng fabriekspryse. — Navrae: ONS BOERE-MEUBELWINKEL, Scholtzstraat 54, Lichtenburg. Telegramme: „Tambotie," Tel. 136.

**MEUBELS.** — Koop u meubels van UNIKA MEUBELS (EIENS.) BPK., en wees verseker van u waarde en besparing. Geen katalogusse tot beskikking nie. Skryf om besonderhede en meld wat u verlang. — Hoofkantoor: Victoriaweg 171, Woodstock. Takbesigheid: Jan Phillips-gebou, Lady Greystraat, Paarl. Foon 929.

## MISSTOWWE

**KARROO KRAALMIS MEEL:** Beste kwaliteit gelewer in dertien goeie tweede-hand sakke per ton. Teen £1/17/6 per ton, of £1/5/- per ton los in trok. 50 x 50 As mengsel teen £2 per ton in elf sakke per ton, gelewer in trok. Bestellings vergesel van kontant sal voorkeur geniet. C. P. COETZEE, Voortrekkerstraat, PEARSTON. 5530TK

**KRAAL-BEESMIS** teen 14/- per ton. Skaap- en bokmis teen 12/- per ton, los in trokke. Nie minder as 18 ton per bestelling. K.M.B. — Y. VERNON, Blue Cliff, P.K. 23/10/1

## PATATRANKE

**STEGGIES.** — Beste rooigrond-steggies. Sesmaande-, wit-, borriesteggies 10/- per 1,000. — H. ROELOFSE, P/s Serpentine, Dist. George. 23/10/TK

**PATATRANKE.**—Sesmaande-, wit-, driemaande patatranksteggies teen 8/- per 1000. Borriesteggies teen 10/- per 1000. Driemaande wit teen 13/- per 80 pond. K.M.B. Tevredenheid gewaarborg. Gelewer Serpentine Sylyn. — B. H. GERBER, (C.sn.), Olifantshoek, P.K. Hoekwil, George. 16/10Tk

**Eersteklas Sesmaande Patatranke** teen 7/6 per 80 pond sak. Uitstekend, mooi, wit drie maande teen 7/6 per 50 pond. Tevredenheid gewaarborg. Bestel dadelik om teleurstelling te voorkom. — G. S. TERBLANCHE, Pos Gonnakraal, MOSSELBAAI. 16/10/2B

## PLASE TE KOOP

**WATERBERG.** — Eersteklas beesplaas ongeveer 2,500 morge, groot woonhuis, volop water, tamboti-bosse, ens. Uitstekende kans vir £8,000. — VAN RIEBEEK TRUST, Posbus 48, BELLVILLE. 9/10/3

## TE KOOP AANGEBIED

**ELEKTRIESE HAREDROOGMAKER** vir dames, gemaak in Engeland. Baie doeltreffend met koue- en warmlug. 220/250 volts. Prys 65/- elk, posvry. — SLATERS, Northstraat, OOS-LONDEN. 23/10/2

**DIAMANTE.** — Koop 'n diamant vir u verloofring, vir u belegging, vir borsspelde of sierringe, direk van fabriek. Geslyp deur Afrikaners, die beste opgeleide manne in ons land. Skryf om besonderhede aan: S.A.I.D.A., Posbus 3476, Kaapstad. 25/9/4.

**GRASSNYERS.** — Eersteklas Engelse grassnyers met 12 duim lemme, volledig met bak vir gras teen 85/- elk. Snyers met 16 duim lemme sonder bakke 95/-. Alle spoorvrag betaald. Ons voorsien ook besighede teen kosprys. — SLATERS, NORTHSTRAAT, OOS-LONDEN. 23/10/2

**JUKSKEIE.** — Bottelvorm 3/9, kopskeie 4/6, agkantige skeie 5/6 per paar. Mullswingels 5/6, donkieswingels 5/-: KOOS BOTHA, P/s Serpentine, Dist. George. 23/10/4.

**MOTOR.** — 1938 model, 4 sitplek Adler Junior. In eersteklas toestand Bande uitstekend. Doen aansoek:— KEULDER, Posbus 28, Stellenbosch.

## *SCHOEMANELLO DRANK*

**Vir Kwaliteit en Tevredenheid die Goedkoopste**

**KOOP DIREK TEEN GROOT-HANDELS-PRYSE**

| | Per bottel van 4 tot 12 in 12-bottel-kissies | Per gell. in vaatjies van 5 gell. of meer |
|---|---|---|
| **WYNE:** | | |
| Fonkelwyn | 7/- | — |
| Lewenswyn | 3/9 | — |
| Vermouth | 3/- | — |
| Hanekraai — Cocktail | 4/- | — |
| **SOET WYNE:** | | |
| Likeurwyn en Ou Port | 2/6 | 11/ |
| Ou Wit Port en Sauterne | 2/6 | — |
| Port, Rooi Soet Muskadel, Wit Soet Muskadel | 1/8 | 8/ |
| Jeripigo, Rooi en Wit | 1/9 | 8/ |
| Wocester Hock en Pontak | 1/7 | 7/ |
| **SJERRIES:** | | |
| Amontellado (Droë), Kimberley Klub (Droë) Ou Bruin (Soeterig), Ou Oloroso (Soet) | 2/9 | — |
| Goue (Soet) | 2/6 | 10/ |
| Spesiale (Soeterig) | 1/6 | 7/[illegible] |
| Sjerrie (Soetrig) | 1/5 | 6/[illegible] |
| **DROË WYNE:** | | |
| Burgundy | 1/9 | — |
| Claret en Wit Droë | 1/6 | — |
| **BRANDEWYNE:** | | |
| Super de Luxe | 8/6 | — |
| De Luxe | 7/9 | 39/ |
| Ekstra Spesiaal | 7/- | 37/ |
| F.C. | 6/6 | 36/ |
| Buchu | 7/6 | — |
| **JENEWER** | 7/6 | — |
| **LIKEURS:** | | |
| Creme de Cacao | 7/6 | — |
| Goue Manderin, Curacao, Kummel, Piesang, Perske, Appelkoos | 7/- | — |
| Naeltjie | 6/6 | — |
| Kersie, Anys, Gemmer, Lemoen, Van der Hum, Peperment | 6/6 | 34 |
| **JENEWER-LIKEURS:** | | |
| Lemoen en Suurlemoen | 7/6 | — |

5% of 1/- per 2 afslag wanneer Kontant met Bestelling gestuur word

Voeg by 5/- vir kissie en bottels, en 15/- vir vaatjie wat vergoed sal word by terugsending. Word verkoop in 12 bottel-kissies of 5-gelling-vaatjies of groter. U kissies van 12 bottel kan Wyn, Brandewyn, Jenewer, Likeur Vermouth en Hanekraai bevat. — Terme: K.M.B. plus treingeld na sy lyne. K.B.A. plus treinkommissie V.O.S. OUDTSHOORN.

Bestel van
**JURGENS SCHOEMAN**
**BUS 142 — OUDTSHOORN**

**MOTORS.** — Voetpompe volledig met lugpype 35/-. Pomp die wiele gou styf!

**Bufferdomkragte.** — Sal enige soort motor gou en maklik oplig. Prys 18/6 elk. Hidrometers 4/6 elk. Batterykloue 2/- per paar. — SLATERS, Northstraat, Oos-Londen. 23/10/2.

**SPANPAALTJIES** (droppers), lengte en dikte volgens bestelling; enige hoeveelheid. Brandhout op aanvraag. Gelewer Wolseleystasie. — L. BIELDT, Meulstraat, Wolseley. Foon 24. 48877/52

## TE KOOP GEVRA

**BENE.** — Die voorsiening van beenmeel is kort. Alle persone wat toegang tot bene het, word ernstig versoek om dit sonder versuim aan ons te stuur. Ons betaal £7 per ton (7/- per 100 pond) vry op spoor u stasie of sylyn. Dit is noodsaaklik dat adviesbriewe gepos moet word as bene gestuur word. Spoedige betaling word verseker. Leë sakke word VRY teruggestuur. Ons voedingsvoorsiening hang af van die voorsiening van beenmeel. — S.A. HUNT BEENMEEL- EN KUNSMIS-MAATSKAPPY, Warrenton.

..**Bees-, Skaap-, Bok- of Varkvet** vir seep-doeleindes. Meld hoeveelheid en prys op welke stasie gelewer. — I. J. MEYER, Posbus 19, P.K. COALVILLE, Tvl. 16/10/2B

## RADIO

**LOUW EN LOUW,** die Beroemde Radio-Ingenieurs, Stasieweg, PAROW verkoop en herstel Radio's en Elektriese Toestelle. Geregistreerde Elektrisiteits aannemers. Foon 9-8435.

**INSPAN** is tot u diens vir radio en elektriese herstelwerk. Ankerwikkeling (Armature winding) 'n spesialiteit. Vra om besonderhede van ons plaaslik-vervaardigde elektriese-ghitaar. Sonskyn handelsmerk. Let op ons adres: H/V MOUNTAIN- EN EDENWEG, WOODSTOCK. Foon 5-4559. (25/9/TK

## WYNE

**VYF GELLING** Wit of Rooi Muscadel Likeurwyn £2-17-6; anker £4-6-3; 5 gelling Rooi of Wit Muskadel, Jeripiko of beste ou Port £2-7-6; anker £3-11-3; 5 gelling Rooi Soet Muskadel £2-5-0; anker £3-7-6; 5 gelling Wit of Rooi Malmsey £2-2-6; anker £3-3-9; 5 gelling Rooi Half Soet Muskadel £2; anker £3; 5 gelling Worcester Hock of Soet Sjerrie £2; anker £3. Gelewer Bonnievalestasie. Vaatjies moet teruggestuur word. Beste kwaliteit gewaarborg. Kontant of K.B.A. — J. C. JONKER, Weltevrede-Wynmakery, Posbus 6, Bonnievale.

## SELFSTANDIGER ORGANISASIE VIR ONDERWYS GEVRA

Die federale raad van die onderwysersverenigings het hom ten gunste uitgespreek van 'n statutêre liggaam soortgelyk aan dié van die registrasieraad van geneeshere en verpleegsters wat 'n beter status vir die onderwysers moet verseker en ook leiding kan gee ten opsigte van 'n nasionale onderwysbeleid. Daardeur sal dit moontlik wees om beter beheer oor die soort mense wat tot die onderwys toetree, uit te oefen.

Die federale raad wat in Bloemfontein sitting gehad het, het 'n afvaardiging benoem wat die regering moet nader om 'n kommissie van ondersoek in te stel met die oog op die reorganisasie van die onderwys.

## VOLDOENDE TEE

Die Unie se teevoorrade is nie getref deur die verbreking van die handelsbetrekkings tussen Indië en Suid-Afrika nie. Hy ontvang nog sy gereelde kwota van die Tee-Verpakkingsvereniging.

Alleen vyf persent van die Unie se tee was uit Indië afkomstig, die grootste gros — ongeveer 70 persent— is afkomstig van Ceylon.

*Die Afrikaanse Volksbeweging is die tuiste van elke Afrikaner. Is u al tuis?*

## PLUIMVEE

Die Beste Firma om u PLUIMVEE EIERS en ander PRODUKTE aan te stuur is:
**C. M. ELOFF EN KIE.**
(Edms.) Bpk
MÖREMARK (Posbus 7185) Newton

## A.V.B.O.B.

Lykbesorgers, Grafsteenmakers, Begrafnisversekeraars
Bloemfontein — Pretoria
130 Takke

**W. VOIGT (Edms.) Bpk.**
Fabrikante van
**Kelder- en Besproeiingsmasjinerie**
**Bus 10 — HUGENOOT (K.P.)**



JOHAN HEFER

**SPIERE SENUWEES SOOS STAAL VIR IEDEREEN**

Vul hier in en pos aan:

DIE HEFER-INSTITUUT VIR GESONDHEID EN LIGGAAMSONTWIKKELING,
Posbus 3494, KAAPSTAD.
Stuur asseblief nadere besonderhede in verband met u Liggaamsontwikkeling-Kursus.

Naam ..........................
Adres ..........................
..........................
Ouderdom.................... (6)

DIE
Boere Jeug
AMPTELIKE ORGAAN

BYVOEGSEL TOT DIE O.B. VAN WOENSDAG, 23 OKTOBER 1946

# Nuwe Besieling Geskep Uit Laertrek

**Weereens was die lokstem van die veld vir die Boerejeug te sterk om weerstaan te word. Die skooldeur was skaars gesluit of almal was weer hard besig om reistas te pak en komberse te vou. Soos in vorige jare, sou hulle weer hierdie Oktober-skoolvakansie in 'n Boerejeuglaer gaan deurbring.**

Nieteenstaande die knersende droogte wat almal geteister het nie, het laergangers vanuit alle oorde uit Gebiede D, E en F na die laertrek wat vir hulle naby Rustenburg gereël is, gekom.

Van vroeg tot laat was die laer een gewoel, want hoe gouer ons met die uitlê van die laer en die opslaan van die tente kon klaarkry, hoe gouer kon ons met die program begin. En so was alles dan aan die einde van die eerste dag gereed vir die intog. Groot was die blydskap van laergangers om die gesigte van kamerade wat hulle op vorige laers ontmoet het, weer te sien.

Op Maandag, 7 Oktober, kan almal met volstoom wegspring om 'n regtig aangename laertrek deur te bring. Die program was gedurig met aangename verrassings vir die laergangers gevul. Veral kon die seuns aandag wy aan die bestudering van kaartwerk, veldwerk, sein, skyngevegte, wagstaan, ens., terwyl die dogters se tyd nuttig aangewend is met die maak van blikspeelgoed, kombuiswerk, sein, seepkook, en nog veel meer.

Dit het die laer egter baie ongelukkig getref dat die Jeugleier, genl. D. van Rooy, nie persoonlik die laer kon bywoon nie, daar hy weens siekte aan huis nie kon wegkom nie.

Een van die hoogtepunte van die laer is bereik met die deelname van alle laergangers aan die Heldedagviering op Pretoria, waar die dogters van die laer dan ook die speerpunt van die optog gevorm het. Ons jeug, die volk van die toekoms, het die leiding geneem om ons volk van die verlede te huldig.

MONUMENT

Voor die optog het die hele laer die geleentheid gehad om 'n besoek aan die Voortrekkermonument te bring, waar ons dan ook weer nuwe inspirasie vir die toekomsstryd kon put. Uit volle bors kon ons weer ons voorvaders vanaf die dak van hierdie historiese gedenkteken toesing „Die Stem van Suid-Afrika".

En die gesig wat elke laerganger van die Hoofstad vanaf die Unie-gebou gekry het, sal sekerlik een van die herinneringe van die laertrek bly.

Die hoogtepunt van die hele laertrek is egter met die besoek van die K.G. aan die laer op 12 Oktober bereik. Kleurvol was die ereparade wat ons Leier ingewag het.

Tydens die verblyf van die K.G. in die laer, is o.a. demonstrasies van praktiese dissipline en wagtewisseling ter ere van die besoekers gehou. Ook het ons Leier die laer die eer aangedoen om die laerinspeksie waar te neem. Aan die laerleiding is twee eksemplare van die boek „Sonder Gewere" oorgedra, as geskenk vir die seun en dogter wat die beste presteer het.

Met hierdie laer is dan ook die eerste Boerejeug-laerblad „Die Velskoen" uitgegee, wat oral groot byval gevind het. So gretig is elke oggend na die uitgawes uitgesien dat laergangers later versoek het dat die blad voor beuelblaas in die bed afgelewer moes word. Die laerreëls het egter nie hiervoor voorsiening gemaak nie.

Maar die skoolvakansie het verstryk en ons moes weer terug huistoe. Met 'n sware gemoed maar met nuwe besieling is dan ook die laaste dag afskeid geneem van nuwe en ou kamerade, wat elk in sy eie kring die taak van die Boerejeug moes gaan voortsit.

# Vrystaters se Eerste Vuurdoop

Weens die afstande kon alle laergangers nie na die laertrek in Gebied F kom nie. Vir die Boerejeug van Gebied C is daar dan ook 'n laertrek naby Fouriesburg gehou.

In hul groot getalle het laergangers uit alle dele van N.O.-Vrystaat reeds op 28 September op die plaas van genl. H. A. J. du Toit aangekom om hul eerste Boerejeuglaertrek by te woon. In almal se gedagtes was die vrae: „Wat gaan ons doen; hoe sou dit wees"?, en wat nog meer.

Vol moed het elkeen sy taak as laerganger aangepak en heel gou was die laer in gereedheid gebring. Oral waar die oog geval het, was tente en uit elke kookpot het 'n lekker geur gestyg. Gou-gou was die laergangers ingedeel en was die laer gereed vir die werk.

Aangesien dit die eerste laertrek in Gebied C was, is spesiale aandag aan praktiese dissipline, vlagparades, organisasie en administrasie geskenk. Ernstig het elkeen alles wat aan hulle voorgedra is, ingeneem en aangeneem. Waar daar werk uitgedeel is, is dit goed en stiptelik uitgevoer.

Maar dit was nie net werk en leer nie. O nee, wie sal dan nie vir altyd die heerlike kampvure en uitstappies onthou nie? Daar in die aandlig is hartlik saamgesing en saam gesels en is die arbeid van die dag opsy geskuif.

Woensdagaand, 2 Oktober, is 'n spesiale onthaal in die vorm van 'n kampvuur vir buitestanders gereël wat dan ook deur almal wat teenwoordig was, baie geniet is.

Maar ook hier was dit al byna weer tyd vir skooltoegaan. Die laaste twee dae is ook deurgebring aan praktiese opleiding. Die kuns van boerseepkook is ook deur die dogters beoefen.

Vol moed en tevrede het alle laergangers die laaste dag van mekaar afskeid geneem, beter toegerus vir die werk wat elkeen moes gaan voortsit.

## KERSFEESKAARTJIES

**Kersfeeskaartjies met vier verskillende ontwerpe en die O.B.-wapen is tans teen 4/6 per dosyn by Boerejeughoofkwartier verkrygbaar. BESTEL DADELIK. Alle bestellings kontant.**

## BOEREJEUG-HANDLEIDING

Offisiere wat nog nie hul bestelling vir die Handleiding: „Die Boerejeug, Sy Doel, Organisasie en Administrasie" by Boerejeughoofkwartier geplaas het nie, word versoek om dit so spoedig moontlik te doen daar die oplaag vinnig verminder.

## *Russe Skaak Sneltrein*

**Die Berlynse Spoorwegowerheid het aangekondig dat een van hul vinnigste Pullmantreine in die Russies besette gebied van Duitsland spoorloos verdwyn het.** Die Russe het op die vinnige Pullman-trein beslag gelê en 'n klomp ou lendelam waens in die plek daarvan na Berlyn teruggestuur. Die Berlynse owerheid weet nie wat om met die ou rammelkas-trein wat hulle in „ruil" ontvang het, te maak nie.

Aan Berlynse spoorwegamptenare wat na Erfurt, die bestemming van die vinnige trein, gebel het, is meegedeel dat hulle dankbaar moet wees dat hulle nog 'n trein gekry het. Volgende keer mag hulle miskien net 'n paar goederewaens in ruil ontvang.

**VYF SIELINGS PER POND:** As gevolg van die besluit van pres. Truman om die beheer oor vleis op te hef, het die prys van vleis in Amerika onmiddellik opgeskiet en ongekende hoogtes bereik. Huisvrouens betaal nou vyf sielings vir 'n pond vleis — die helfte meer as voorheen. Die prys is selfs hoër as die swartmarkpryse. Hierdie styging het die vrees vir inflasie in Amerika onder ekonome versterk, en sal aanleiding gee tot hoër looneise.

# Amptelike Kennisgewings

**Die Jeugleier maak bekend dat die volgende twee laertrekke gedurende die Desember-skoolvakansie gehou sal word:**

**GEBIED A: Franschhoek — 13—22 Desember 1946.**
**GEBIED B: Boesmansriviermond — 13—22 Desember 1946.**

**Offisiere moet nou reeds met die oog op hierdie laers voorbereiding in hulle afdelings begin tref.**

# Ons Laergangers Sê:

O, as daardie beuel daar so vroeg in die oggend sy opstaan-sug laat weergalm, dan weet ek nou nie mooi reg of dit vir „opstaan" of vir „ligteuit" is nie. Maar ek kon myself nie bluf nie, en gou-gou moes ek maar die vaakheid met koue water afwas.

Wat die wonderlikste gevoel by jou laat opkom het, was wanneer jy jou eie vlag so sien ontvou het, en dan dink jy ook aan die dag wanneer daar aan elke vlagpaal die Vierkleur sal wapper.

'n Mens voel weer die nasietrots in jou opkom wanneer jou eie vlag oor jou hoof gehys word.

Die beginsels van ons voorvaders, die godsdiens, is nie hier verwaarloos nie. O nee, elke dag is begin met die afvra van die seën van die Here. Elke aand is die Here gedank vir sy hulp gedurende die dag.

Ek dink baie kon raai dat die eerste wat na die vlagparade op die program verskyn het, liggaamsoefeninge was. Kêrels, 'n lekker bord pap smaak darem vorentoe na sulke moeilike liggaamsoefeninge!

Deur aanstellings, aankondigings en sekere beperkings het dit duidelik geword dat dissipline sy regmatige plek in die laer sou kry. Almal kon dus nie na willekeur handel nie, en deurgaans is daarna gestreef om 'n gesonde gees van dissipline, nie tirannie nie, te handhaaf.

Almal het besef dat dit geen gewone uitkampery was nie, maar 'n Boerejeuglaertrek.

GESKEI

Die eerste oggend het hulle ons almal van mekaar geskei en hieroor was ons net lekker omgekrap. Maar dit het naderhand beter geword toe ons mekaar leer ken het. Die dogters het by een spruit gaan was en die seuns by 'n ander.

Die inspeksie wat elke môre gehou is, was baie goed, want dit leer ons netheid, hoewel dit ons as laergangers baie skrikkerig laat voel het as ons die offisiere sien aankom.

Ons klompie in die laer het baie grappe gehad, was ook baie gelukkig, maar die moeilikste van alles was wanneer die inspeksie gehou word. Dan het menigeen nog met 'n borsel in hulle sakke gestaan en die geringste stoffie afgeborsel of elk het 'n naelvyltjie gehad om naels skoon te maak. Met ander woorde, ons was 'n gelukkige familie.

Die grappigste van alles was die laerinspeksie in die oggend. Wie sê so! Die skoene moes skoon wees, en in hierdie dae van reën het ons blou geword soos ons geborsel het.

Elke ouer behoort te weet wat in 'n Boerejeuglaer plaasvind, want die groot meerderheid van die mense dink dat so 'n laertrekking net kosbare tydverkwisting is, maar daarin is hulle baie verkeerd.

NUTTIGE DIENS

Deur middel van lesings is nuttige inligting verstrek. Die indruk wat ons kry, is dat die stafoffisiere nuttige diens wou lewer, en dat hulle hul dit veral ten doel gestel het om laergangers volkome in te lig aangaande die organisasie, administrasie en betekenis en strewe van die Boerejeug. Alle Boereseuns en -dogters moet weet hoe hulle in die volkspan moet saamtrek.

**In 'n laer word daar lesings en praktiese werk in verband met boerdery gegee. Dit gee die kind, wat 'n lid van die toekomstige Afrikanervolk is, die ondervinding in die saak. Ons het baie interessante lesings gehad, b.v. noodhulp, seepkook, kleremaak en oor nog baie ander onderwerpe.**

In die laer was ons almal Boere, was ons afwisselend ernstig en opgeruimd, gedissiplineerd en het ons deurgaans moed gehou.



GEKLEUR VIR
NUWE DIENS

KLEURSPESIALITEITE

PAARL STOOMWASSERY

Posbus 35 Foon 214
DIE PAARL
HUGENOOTSTASIE
*(Goedere Halftarief)*

★ WAS
★ KLEUR
★ DROOG-SKOONMAAK

(2)

# Slang Vir 'n Vis

Dieselfde week waarin die Afrikanervolk die verjaardag van Paul Kruger met staatsteenkanting en miskenning herdenk het, en nadat sowel die Pretoriase Kamer van Koophandel as munisipale verenigings dwarsdeur die land by die regering aangedring het op amptelike erkenning van 10 Oktober, het die regering aangekondig dat 21 April, die verjaardag van 'n Britse prinses — ons meen sy heet Elizabeth — 'n openbare vakansiedag sal wees.

Die volk het om 'n vis gevra, die regering het hom 'n slang gegee! Wat 'n vader van sy volk!

Geen wonder nie dat Reuter verlede week uit Londen berig het dat genl. Smuts „môre TERUG in Londen verwag word!"

# Engelse Reageer op „Sonder Gewere"

**In 'n deel van die Engelse pers het daar reaksies gekom op die opspraakwekkende historiese roman van S. J. de Jongh, SONDER GEWERE, wat die ondergrondse stryd van die afgelope oorlogsjare aan die lig bring.**

Onder opskrif „S.A. se vyfde kolonne verheerlik", gee die Cape Argus 'n opsomming van die inhoud van die boek sonder om die naam van die skrywer, die uitgewers en die boek self te gee. Die rede daarvoor, verklaar hy, is omdat hy nie 'n boek wil adverteer wat hy glo 'n groot mate van skade kan veroorsaak nie.

Die Sunday Times het egter die besonderhede verstrek in 'n lang berig onder die opskrif „S.A. Saboteurs verheerlik in roman", wat die boek in die volgende bewoording aankondig: „Die organisasie van sabotasie in Suid-Afrika gedurende die oorlogsjare is nou geopenbaar en 'n poging aangewend om die saboteurs as nasionale helde te verheerlik."

Sowel hy as die Argus kom tot die gevolgtrekking dat die skrywer „'n hoë amptenaar" van die beweging moes gewees het.

Die boek SONDER GEWERE is verkrygbaar by Publicité, Posbus 4892, Johannesburg, en by Pro Ecclesia-Boekhandel, Posbus 28, Stellenbosch.

# Hoe Duitsers 10 Maande Lank Gefolter Is

***Vir tien lange maande is die Duitse leiers in die Neurenbergse gevangenis deur hul „Christen"-oorwinnaars gefolter op 'n wyse soortgelyk aan dié wat die bolsjewiste op hulle slagoffers in die politieke tronke toepas. Nooit is hulle gedurende hierdie tyd met rus gelaat of het hulle enige privaatheid geniet nie. Gedurende die nag is hulle aanhoudend deur die wagte uit hul rustelose slaap gewek. Elke minuut dag en nag is hulle deur loergate bespied.***

Die opperbewaarder en sy luitenante in die Neurenbergse tronk het doelbewus die lewe van die gevangenes versuur. Waar hulle die kans gekry het, het hulle die Duitsers probeer verneder. So het die opperbewaarder geweier om aan enige van hul versoeke te voldoen as hulle dit in Duits gestel het. Hy het hulle verplig om hom in sy eie taal aan te spreek.

In die tronk is 'n beleid gehandhaaf wat daarop gemik was om die Duitse leiers se daaglikse lewe te vergal en hulle so ongelukkig moontlik te laat voel. Die hoofbewaarder het aan 'n joernalis wat die tronk besoek het, vertel dat hy slegs daar is om toe te sien dat hulle lewendig aan die gereg oorhandig word en dat hy alles in werking sal stel om hulle lewendig aan die „gereg" te oorhandig. „Ek is nie hier om hulle gelukkig te laat voel nie", het hy verklaar.

Tien maande lank het hierdie leiers geen enkele oomblik privaatheid geniet nie. Elke minuut van die dag en elke sekond van die nag is hulle deur wagte wat voor die seldeure op wag was, deur loergate bespied. Elke beweging wat hulle gemaak het, is dop gehou.

Snags was hulle verplig om in die lig te slaap en om die hele nag op een sy deur te bring sodat die wagte altyd hul gesigte kon sien. Wanneer hulle in hul slaap omdraai sodat hul gesigte na die muur gekeer is, het die wagte die sel binnegegaan en hulle wakker gemaak sodat hulle kon omdraai. Nooit gedurende die afgelope 10 maande is hulle alleen gelaat nie. Hulle is ook nie toegelaat om hul arms onder die kombers toe te maak nie, en of dit winter of somer was, hul arms moes uitgesteek gebly het.

Ná hierdie behandeling wat hulle ontvang het, het 'n mense-hiëna met walglike leedvermaak aan die aand van hul lewe berig dat hy hulle ook afgeloer het en dat hulle daar „miserabelik" uitsien.

Die beskuldigdes is een-een in 'n sel geplaas. Die selle was 10 voet lank, 8 voet wyd en 9 voet hoog. Hulle mag nooit met mekaar gepraat het behalwe in die „hof" nie, en is slegs 30 minute per dag toegelaat om oefening buite die selle te geniet. Hul nagte moes hul deurbring in helder lig sonder die voorreg om ooit in die donker te mag slaap. Hulle was voorsien van 'n ysterbedjie met 'n strooimatras sonder lakens of kussing, en het slegs 'n paar kakiekomberse tot hul beskikking gehad. Daar was geen mat op die sementvloer nie.

Hul voedsel is deur Duitse krygsgevangenes gekook en in blikbakke aan hulle bedien. Hulle het nooit ander tafelgereedskap as 'n lepel en bak ontvang nie. Elke keer is die kos deur Amerikaanse soldate deursoek voordat dit in die selle toegelaat is.

Wanneer hulle saans in die selle terugkeer, is alle dasse, kousophouers, skoenrieme, brille, ens. van hulle verwyder omdat die Amerikaners bang was dat hulle selfmoord sou pleeg. Die selle is elke dag deursoek, ook hul sakke en klere as hulle in die aand opgesluit word.

Vir tien maande is hulle nooit toegelaat om familie of vriende te sien nie. Eers teen die einde van die verhoor is dié verlof toegestaan. Dan is hulle deur dik glas, gaasdraad of soldate van mekaar geskei sodat hulle nie met mekaar in aanraking kon kom nie. Elke beweging wat hulle gemaak het, is dopgehou.

Op hierdie wyse is die Duitse leiers 10 maande lank gefolter. Na hul dood het die Geallieerdes lykskending gepleeg deur óf hul liggame vir die haaie te gooi, óf hul as in die wind te strooi. Wat presies gedoen is, word as geheim bewaar—net soos in die geval van wyle komdt. Scheepers, wie se grysе moeder vandag, na 45 jaar, nog in onsekerheid treur oor die lot van haar seun.

# Die Boerejeug op Mars



Nadat die optog van die Ossewabrandwag by die res van die prosessie aangesluit het by geleentheid van Heldedagviering in Pretoria, het hulle meer as die helfte van die optog uitgemaak. Die foto toon die flinke afdeling Boeredogters wat in die vorm van 'n speerpunt die O.B.-optog na die standbeeld van pres. Kruger gelei het.

Daar is 'n rede . . .

Die merkwaardige opkoms en groei van VOLKSKAS is nie maar bloot toevallig nie. Daar is goeie redes waarom hierdie Bank steeds presteer en uitbrei — en die belangrikste is ongetwyfeld die gehalte van die bankdienste wat deur sy takke gelewer word.

VOLKSKAS se deure is oop vir alle gesonde banksake; die privaat persoon ontvang dieselfde flinke aandag as die grootste sake-onderneming; geen transaksie word te klein of te groot beskou nie.

As u belangstel in 'n omvattende, doeltreffende bankdiens, gelewer in 'n gees van welwillendheid, beveel ons aan dat u met ons naaste takbestuurder in verbinding tree.

VOLKSKAS BEPERK

Deposito's Oorskry £10,000,000

BANKIERS HOOFKANTOOR: PRETORIA.

# Louis Trichardt te Vinde vir Eenheid

**Louis Trichardt het O.B.-dag op 13 September gevier by watter geleentheid die K.G., dr. J. F. van Rensburg, en mev. Van Rensburg aanwesig was. Die funksie het £250 opgelewer. Hiermee is weereens bewys gelewer dat die O.B. in Noord-Transvaal flink en lewenskragtig is.**

Die K.G. sowel as mev. Van Rensburg het die middag gesellig saam met die aanwesiges deurgebring en saam aangesit aan die eettafel waar 'n groot verskeidenheid boeregeregte bedien is. By hierdie geleentheid is dr. en mev. Van Rensburg deur genl. J. J. Eloff en hfkomdte. Mostert verwelkom. Laasgenoemde het namens die vroue-kommando 'n geskenk aan mev. Van Rensburg oorhandig as 'n klein blykie van waardering vir haar opofferende liefde om die K.G. ten volle aan die Volksbeweging af te gee.

Gedurende die aand het die K.G. voor 'n groot gehoor in die bioskoopsaal opgetree, onder voorsitterskap van genl. J. Eloff. Daar was verskeie lede van die Verenigde Party en H.N.P. en baie ander persone wat nie lede van die O.B. is nie.

**Die K.G. het opnuut die feit beklemtoon dat die belange van die volk en nie die van 'n party of organisasie nie eerste gestel moet word. Die regering moet die volk verteenwoordig en daarom kan die O.B. alleen steun gee aan 'n parlementêre volksfront.**

Hierdie gedagte wat die K.G. in die midde gelê het, het diep inslag gevind onder buitestanders. Baie persone het na afloop van die vergadering openlik erken dat dit die enigste basis van politieke samewerking kan wees.

Na die afloop van die vergadering is daar geleentheid gegee vir vrae. Verskeie persone het hieraan deelgeneem.

Die O.B. van Louis Trichardt, is nie van voorneme om enige party by die volgende verkiesing te steun nie. Hulle sal alleen 'n volksfront ondersteun.

„Die O.B." word gedruk deur Pro Ecclesia-Drukkery (Edms.) Beperk, Stellenbosch, vir die eienaars en uitgewers: VOORSLAG (Edms.) Beperk, Groote Kerkgebou 702, Kerkplein, Kaapstad.